

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 41 • Februarie | Maart 2017

**Politieke korrektheid
kan voedselsekerheid vernietig**

Parafilariase

kan boere duisende rande kos

vir die LIEFDE van die LAND

WEN!

met *Die Pad Saam*

**Sojasiektes
kan doeltreffend beheer word**



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk

KROONSTAD EXTRAVAGANZA

~ 2017 Uitnodiging ~

Die regte
produkkombinasie
vir jou boerdery.



GROOT
LOJALITEIT-
GESKENKE




KROONSTAD EXTRAVAGANZA

~ 2017 Uitnodiging ~

Om vooraf te registreer besoek:
www.pannar.com/extravaganza
en voltooi die vorm.



Saam boer ons
vir die toekoms®



Datum: 1 Maart 2017

Plek: Deelpan

Tyd: 09:00 – 13:00

GSP Koördinate: S27.677028 E26.924983

Die beste internasionaal-beskikbare saadtegnologie, uniek verpak vir jou boerdery.

TREKPLEISTERS:

Hooftoer:

- Die PANNAR® Sprout™ mobiele app plaas boerdery by jou vingers.
- Wit- en geelmieliebasters.
- Wortels, onder die grond maar krities belangrik vir sukses.
- Sonneblombasters.

Opsionele Toere:

- Besproeiingsmieliebasters.
- Sojaboon en Droëboon kultivars.
- Weidingsgewasse.
- Graansorghum – demonstrasie.

PANNAR Toekomsvisie:


- Jou besigheidsvennoot – Nick Goble, Besigheidsbestuurder.
- Gevorderde teling-tegnologie: Biotegnologie en Genetiese voorspelling – Driaan Bresler, Navorsing Wetenskaplike.

Bonanza Lojaliteitsprogram:

- Plaas 'n bestelling en kwalifiseer vir 'n fantastiese item.

PROGRAM 2017 – KIES DIE GEWASPRAATJIES WAT JY WIL BYWOON

Toer	Vertrekye	Lengte	9.00	9.30	10.00	10.30	11.00	11.30	12.00	12.30	13.00
Mielies en Sonneblom	60 min	Toer 1	Toer 2	Toer 3	Toer 4	Toer 5	Toer 6	Toer 7	Toer 8	Toer 9	
Weidings	30 min			Weiding 1		Weiding 2		Weiding 3		Weiding 4	
Sojabone en Droëbone	30 min			Sojabone of Droëbone 1		Sojabone of Droëbone 2		Sojabone of Droëbone 3		Sojabone of Droëbone 4	
Besproeiingsmielies	30 min			Besproeiing 1		Besproeiing 2		Besproeiing 3		Besproeiing 4	





Gewasverskeidenheid vir risikobestuur

As 'n Afrika landboubesigheid wat vir bykans 60 jaar in die mark staan, het ons al 'n paar moeilike tye saam met ons boere deurstaan. Te midde van al die onsekerhede in die landbou, kan jy op PANNAR reken om aan jou die beste internasionaal-beskikbare saad tegnologie, uniek verpak vir plaaslike sukses te bring. As 'n Suid-Afrikaanse multi-gewasspesialis, bied ons die regte produkkombinasie vir elke gewassamestelling en boerderypraktyk. Ons volledige gewaspakket word met 'n verskeidenheid van buitengewone agronomiese- en gewasontwikkelingsprogramme ondersteun om produktiwiteit te optimaliseer. PANNAR is in 'n vennootskap met ons boere om hul volgehoue sukses te verseker.

Witbasterpakket

Een van die belangrikste bestuursbesluite wat boere elke jaar maak is die keuse van die pakket van basters om te plant. Die volgende eienskappe speel almal 'n rol by basterkeuse: groeiklas, opbrengspotensiaal en stabiliteit (betroubaarheid), staanvermoë, siekte- en insekteweerstand, meerkoppigheid, kop- en graaneienskappe, saadgrootte en gehalte, die baster se vereiste vir bestuur en die spesifieke eindgebruik van die oes. Die PANNAR witbasterpakket beskik oor goeie prestasie, aanpasbaarheid en stabiliteit. Deur 'n pakket van basters met verskillende groeiklasse aan te plant word risiko die beste bestuur.

PAN 3A-157:

Hierdie is PANNAR se eerste ultravinnige witbaster en is dit by uitstek 'n besproeiingsbaster wat goed kan inpas by 'n



dubbelloes-produksiesisteen. PAN 3A-157 word vir al die produksiestreke onder besproeiing teen hoëplantbevolgings van 60 000 tot 80 000 plante per hektaar aanbeveel. Die baster beskik oor die tipiese planttipe eienskappe van die ultravinnige basters. Dit is enkelstammig en enkelkoppig baster met goeie algemene sieketoleransie. In gebiede waar Noordelike Blaarskroei egter ondervind word, word die YELDBOOST® swamdoderspuitprogram aanbeveel om die siekte in toom te hou.

PAN 4R-511R en PAN 4R-711BR:

Die twee basters pas in die vinnige groeiklas. Onder droëland is hulle 'n uitstekende keuse vir al die oostelike produksiegebiede, insluitende die Noordoos-Vrystaat. Hulle presteer ook baie goed in die misgordelgedeeltes. Hierdie twee basters vul PAN 4A-111 en PAN 4B-311B goed aan wat tans PANNAR se gewildste reeks in die oostelike produksiestreek is. Die basters pas goed in waar slegs 'n enkele oes van mielies onder besproeiing asook aanvullende besproeiing verbou word. Hulle beskik oor goeie algemene sieketoleransie, staanvermoë, graankwaliteit en skepelmasa. In die produksiestreke waar blaarsiektes gewoonlik 'n probleem is, kan die baster by die YELDBOOST® swamdoderspuitprogram baat vind.



PAN 5B-485B en PAN 5R-785BR:

Die basters beskik oor die MON 89034 stronkboorderweerstandsgene en pas in die baie populêre medium-vinnige groeiklas. Die basters word deur goeie stabiliteit en meerkoppigheid gekenmerk. Hulle word veral vir die westelike droëland produksiestreke (Noordwes-Vrystaat, Noordoos-Vrystaat en Noordwes) as deel van die hoofaanplanting aanbeveel. Die basters is ook goed aangepas vir die gematigde oostelike produksiestreke. BG 5685R en PAN 5R-591R is geskik as toevlugsoord vir PAN 5R-785BR. Die basters beskik oor 'n aantreklike planttipe met goeie agronomiese balans en toon goeie toleransie teen Kop- en Plumbrand en Noordelike Blaarskroei.-

PAN 5A-291, PAN 5R-591R en PAN 5R-791BR:

Hierdie groep medium-vinnige basters is baie sterk meerkoppig. Hulle is goed aangepas vir al die westelike produksiestreke (Noordwes-Vrystaat, Noordoos-Vrystaat en Noordwes) en word as deel van die hoofaanplanting aanbeveel.

PAN 6B-465B en PAN 6Q-865BR:

Die basters beskik oor die MON 89034 stronkboorderweerstandsgene. Albei pas in die medium groeiklas. PAN 6B-465B is soortgelyk aan PAN 6Q-445B en PAN 6Q-345CB, terwyl PAN 6Q-865BR soortgelyk is aan PAN 6R-845CBGT. Dit is hoofsaaklik droëlandbasters wat goed aangepas is vir al die mielieproduserende gebiede. Laatplantdatums in die koel, oostelike dele moet vermy word. Die basters kan aangeplant word waar slegs 'n enkele oes van mielies onder besproeiing asook aanvullende besproeiing verbou word. Hierdie agtergrond bied goeie weerstand teen Diplodia Kopvrot, Grysblaarvlek en Kop- en Plumbrand. Hulle beskik oor goeie staanvermoë en redelike goeie aluminiumverdraagsaamheid.

Geelbasterpakket

Dit formidabele geelmieliepakket van ultravinnige, vinnige en medium basters bied 'n goeie langtermyn risikoverspreidingsstrategie. Die ultravinnige pakket handhaaf 'n uitsonderlike prestasierekord in die oostelike produksiestreke onder besproeiing en droëland. BG 3492B het weer uitstekende opbrengsprestasie in die LNR proewe onder besproeiing behaal. PAN 5A-182 is 'n nuwe medium-vinnige baster wat besonder goed in die LNR proewe vir die oostelike produksiestreek gepresteer het. Die medium-pakket handhaaf 'n uitstekende prestasierekord in die oostelike en westelike produksiegebiede.

PAN 4B-376B:

Die baster beskik oor die MON 89034 stronkboorderweerstandsgene. Dit pas in die vinnige groeiklas en is soortgelyk aan PAN 4R-776BR. Dit is by uitstek 'n droëlandbaster wat goed in die produksiegebiede van die Sentrale Hoëveld, Oos-Vrystaat en die koel dele van KwaZulu-Natal aangepas is. Dit pas goed in waar slegs 'n enkele oes van mielies onder besproeiing asook aanvullende besproeiing verbou word. Dit toon goeie weerstand teen Phaeosphaeria Blaarvlek. Dit beskik oor goeie staanvermoë en toon geen sensitiviteit teenoor sulfonielureum nie. Hierdie baster het 'n risiko vir Noordelike Blaarskroei (NCLB). Die YieldBoost® swamdoderspuitprogram word in gebiede waar blaarsiektes voorkom ter beskerming van die produksiepotensiaal aanbeveel.



PAN 4A-172 en PAN 4R-672R:

Hierdie opwindende nuwe, vinnige geelbasters is 'n uitstekende keuse vir die oostelike produksiestreke, insluitende KwaZulu-Natal. PAN 4A-172 het homself die afgelope twee jaar onderskei deur koning te kraai in PANNAR se baster-evaluasieproewe. Die basters bied goeie agronomiese balans, en is by uitstek enkelkoppige basters. Koppe word laag gedra en staanvermoë is baie goed. In gebiede waar Noordelike Blaarskroei ondervind word, word die YELDBOOST® swamdoderspuitprogram aanbeveel om die siekte in toom te hou.



PAN 5A-182:

Die medium-vinnige baster het die topprestasie in die LNR se proewe in die oostelike produksiestreek vir 2015/2016 behaal. Die konvensionele baster lewer baie goeie prestasie en is goed aangepas vir al die produksiestreke onder droëland of besproeiing. In die Noordwes produksiegebiede word dit vir aanplantings op slegs die hoëpotensiaalgronde aanbeveel. Dit lewer uitstekende kwaliteit, blink graan en beskik oor uitstekende algemene siekteverdraagsaamheid, veral goeie blaarsiekte-toleransie.



PAN 6B-410B en PAN 6R-710BR:

Die basters beskik oor die MON 89034 stronkboorderweerstandsgene. Hulle het dieselfde genetiese agtergrond as PAN 6Q-408CB. Hierdie basters lewer baie goeie resultate, met goeie stabiliteit in die oostelike en westelike produksiestreke. Hulle word as deel van die hoofaanplanting onder droëland aanbeveel. Dit is belangrik om die reeks mediumbasters teen die aanbevole plantestand vir die betrokke produksiestreek aan te plant. Wees versigtig met hoë plantpopulasies wat die reeks se prestasie kan benadeel. Die basters is 'n goeie keuse vir graan- en kuilvoerproduksie of weimielies. Die basters pas ook goed in waar slegs 'n enkele oes van mielies onder besproeiing en aanvullende besproeiing verbou word. Hulle het goeie weerstand teen Roes en Noordelike Blaarskroei (NCLB) en beskik oor goeie staanvermoë en droogteverdraagsaamheid. Hulle toon nie sensitiviteit teenoor sulfonielureum teen die aanbevole dosis nie.

Sonneblombasters

PANNAR handhaaf 'n uitstekende prestasierekord in die LNR nasionale proewe landswyd. Vir die afgelope twee jaar het PANNAR ses uit die top tien sonneblombasters in die LNR nasionale proewe gelewer. Die PANNAR sonneblombasterpakket presteer goed in al die sonneblomproduksiestreke van Suid-Afrika en lewer goeie, stabiele prestasie vir uitstekende risikobestuur. Producente kan met groot gemoedsrus en vertroue PANNAR se sonneblomreeks aanplant met die wete dat die beste tegnologie in hierdie basters opgesluit lê.

PAN 7160CLP:

Hierdie drierigtingkruisbaster bevat die verbeterde CLEARFIELD® PLUS eienskap, met die voordeel van goeie onkruidbeheer. Die baster is geskoei op die platform van die konvensionele baster PAN 7100 en beskik oor dieselfde goeie opbrengspotensiaal en stabiliteit as die konvensionele basters. PAN 7160CLP was dan ook die afgelope seisoen die nommer-een CLEARFIELD® PLUS baster in die LNR-proewe. PANNAR se reeks basters met die CLEARFIELD® PLUS eienskap kompeteer kop aan kop met die konvensionele staatmakers om 'n alternatiewe keuse in gewasverbouing te gee. Die EURO-LIGHTNING® onkruidodder (L8436, aktiewe bestanddeel: Imasapir en Imasamoks) bied doeltreffende na-opkoms-beheer van 'n breë spektrum van gras- en breëblaaronkruid. Die ingeboude onkruidodderweerstand is 'n natuurlike mutasie; die baster is gevolglik nie geneties gemodifiseer nie en alle sonneblombasters is GMO-vry.

HOË-OLEÏENSUUR-BASTER

Die PANNAR pakket beskik ook oor 'n hoë-oleïensuur-baster (hoë mono-onversadigde olie-inhoud) vir die produksie van gesonder olie wat beter vir diepbraai geskik is. Dié tipe olie is besig om 'n al hoe groter rol in Europa en die VSA te speel as 'n gesonder alternatief.

PAN 7158HO:

Die mediumseisoenbaster is goed aangepas vir al die sonneblomproduksiestreke. Dit lewer 'n oleïeninhoud van 80% en hoër vir 'n gesonder olie. Die baster is geskoei op die genetiese model van PAN 7080 en is hoogs kompetend met die konvensionele reeks basters. Dit beskik oor 'n baie egalige plant tipe.

Sojabone.

Die veelsydige PANNAR sojaboonpakket beskik oor ongeëwenaarde stabiliteit by verskillende opbrengspotensiaal vlakke en oor verskillende produksiestreke. PANNAR het toegang tot die beste kommersiële sojaboonkultivars, hetsy dit plaaslik of in die buiteland ontwikkel is. PANNAR se beleid is om die beste moontlike kultivars in die Suid-Afrikaanse mark vry te stel, ongeag vanwaar hulle afkomstig is. Die 2015/16 LNR nasionale kultivar-proefresultate illustreer dit goed. PANNAR kultivars behaal die topposisie in die koel, gematigde en warm produksiestreke, asook die algehele topposisie. PANNAR maak dus skoonskip! Hierdie voortreflike prestasie word ook in PANNAR se interne proefresultate weerspieël. PAN 1664R, waarskynlik die gewildste sojaboonkultivar in die geskiedenis in Suid-Afrika, kon net daarin slaag om tiende posisie onder die nuwer variëteite in ons proewe te behaal. Die topkultivar (PAN 1521R) het oor elf lokaliteite gemiddeld 290 kg/ha meer as PAN 1664R gelewer. Ons is gewoon aan inkrementele genetiese verbetering in opbrengs oor 'n lang termyn in sojaboonproduksie. Met hierdie nuwe reeks het ons egter sopas 'n omvangryke sprong in genetiese potensiaal ondervind. PANNAR se pakket bied 'n volledige reeks groeiklasse wat aan byna alle plantdatum- en produksiegebiedkombinasies voldoen.

PAN 1532R:

Die kultivar pas in die medium-groeiseisoenklas en is 'n uitstekende keuse vir die koel en gematigde droëlandsteke asook onder besproeiing. Dit lewer baie goeie en stabiele prestasie oor al die produksiestreke. Onder besproeiing is dit die eerste keuse vir koring-sojaboon-wisselboustelsel. Die kultivar beskik oor 'n regop plant tipe en is goed aangepas vir hoë plantpopulasie en nou ry produksietoestande. Dit het baie goeie staanvermoë en stroop maklik.

Graansorghum

PANNAR SAAD se sorghum-teelprogram word reeds vir meer as 30 jaar bedryf en is een van die oudste programme in die wêreld. Die moutmark het die afgelope tien jaar só afgeneem dat daar besluit is om die graderingstelsel van sorghum aan te pas. In die ou graderingstelsel was drie klasse, naamlik GM, GL en GH (klas GM en GL het geen tannien bevat nie, terwyl die GH-klas tannien bevat). Die GM-klas het slegs basters met hoë moutwaardes ingesluit, terwyl die GL-klas slegs geskik was vir veevoer. Die stelsel is nou verander en die GM- en GL-klas is saamgegooi in die GM-klas. Die nuwe GM-klas het niks te doen met moutwaardes nie, maar sluit alle basters in wat nie tannien bevat nie.

PAN 8945:

Die medium baster word as hoofaanplanting onder droëland en besproeiing vir al die graansorghum produksiestreke aanbeveel. Dit gradeer GM en is spesifiek vir die maalbedryf en vir etanolproduksie geskik. PAN 8945 beskik oor 'n baie egalige groeiwyse en goeie aarlengte. Die graan is grootsadig en helderoranje, en lewer goeie skepelmasse. Dit beskik oor uitstekende staanvermoë en algemene blaarsiekte-toleransie en vertoon goeie toleransie teen Aarbrand en Fusarium. Dit het goeie koue toleransie vir vroeë plantdatums.

Die gratis aflaaibare PANNAR® Sprout™ toepassing (app) vir selfone.

Die PANNAR® Sprout™ mobiele toepassing (app) plaas boerdery by jou vingers. Sodra dit afgelaai is, kan die toepassing van lyn af funksioneer en is ideaal vir gebruik in die lande. Wat meer is, die toepassing ontwikkel voortdurend om aan die behoefte van ons boere te voldoen en is daar altyd iets nuuts en nuttig in die pyplyn om boerdery nog meer te vereenvoudig. Dit is 'n moet-hê vir alle graanboere. Die volgende toepassings is beskikbaar:

- Nuus en kennisgewings
- Alle PANNAR saadprodukte
- Vind 'n PANNAR verteenwoordiger
- Volledige oorsig van siektes
- Siekte ID
- Rekenaars en hulpmiddels
- Mieliebastervergelykings
- Beraamde Opbrengs Berekening
- Mees Geskikte Mieliebaster
- SAFEX Pryse
- Plantestand Aanbeveling
- Omskakeling van Verskillende Eenhede
- Omskakeling van Geldeenhede
- Oorplant Sakrekenaar

Dit is gratis beskikbaar-vir-aflaai van die Google Play of Apple App Store



INHOUD

26-28

Reenmeters verklap heelwat inligting

12-13

Politieke korrektheid kan voedselkerheid vernietig

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

9	Voorwoord: Die groot lekkerte wat in gee lê
10	Besigheidsoerwoud: Olifante
12-13	Politieke korrektheid kan voedselkerheid vernietig
14-16	Riglyne vir veeproduksie
18-19	Drie buffels op die plaas
20-22	Parafilariase kan boere duisende rande kos
24-25	Voermol
26-28	Reenmeters verklap heelwat inligting
30	VKB en Sensako span kragte saam en stel Senseed bekend
32-37	Sojasiektes kan doeltreffend beheer word
38-39	Tuta absoluta hou groot bedreiging in vir tamaties in SA
40	Bemesting en besproeiing van tamaties
43-46	Gesondheid: ADHD
48-50	Wenke wat werk
52-54	Kinderhoekie: Soetlief
56-58	NTK Nuus
60	Grainfield Chickens spog met FSSC 22000- en ISO 22000-sertifikaat
62	Wen met Die Pad Saam

20-22

Parafilariase kan boere duisende rande kos

32-37

Sojasiektes kan doeltreffend beheer word

14-16

Riglyne vir veeproduksie

43-46

Gesondheid: ADHD

Die groot lekkerte wat in gee lê



'n Artikel oor die Bill and Melinda Gates Foundation het my aan die dink gesit oor gee. Hierdie twee mense deel die miljoene dollars wat hulle maak uit die rekenaarsagtewaremaatskappy Microsoft, waarvan Bill die medestigter is, met duisende mense reg oor die wêreld in opleidingsprogramme, navorsing oor geneties gemodifiseerde organismes en gesondheidsorgprogramme. Hulle moedig ook ander welgesteldes aan om hulle rykdom te deel met minderbevoorregtes sodat 'n beter lewe vir meer mense geskep kan word.

Toe dink ek aan ma's en pa's wat vir hulle kinders sal gee wat hulle nodig het, en soms óók wat hulle sommer vir die lekker of die mooi wil hê. 'n Ma wat met 'n mooi serp of bloes staan en onthou haar kind kort skoolskoene en dan maar die serp of bloes terughang op die winkelrak, want haar begroting is te knap om 'n serp én skoolskoene te koop. 'n Pa wat 'n mooi jaggeweër sien, maar onthou sy seun moet vir 'n rugby naweek betaal en dan wegdraai van die jaggeweër af.

Ek dink aan 'n vriendin wat vir jou 'n kompliment gee op 'n dag wanneer jy dit die nodigste het. Hoe dit 'n deurmekaar dag somer heelfemal kan omdraai sodat jy weer 'n vonkel in die oog en 'n wip in jou stap het.

Of as jou baas jou 'n kompliment gee oor 'n stuk werk wat jy goed gedoen het – hoe jy dan sommer lus voel om die res van die week ekstra hard en akkuraat en goed te werk.

Of as jou man vir jou 'n kompliment gee omdat jy die oggend vir hom mooi lyk of vir jou vertel hoe lekker die aandete was. Mòreoggend doen jy dan somer meer moeite met jou voorkoms en aandete word met nóg groter sorg gemaak.

So dikwels is wat 'n ander persoon nodig het, nie iets fasbaars nie, maar net dat jy jou ondersteuning aan daardie persoon gee. Iemand wat slegte nuus gekry het – 'n ouer wat siek is, 'n vriendin wie se man iemand anders ontmoet het vir wie hy meer omgee. Daar is mos nie iets fasbaars wat jy vir een van dié twee mense kan gee nie. Al wat jy kan gee is die versekering dat jy daar is vir hulle; dat

jy help bid vir hulle vir krag om deur die situasie te kom; dat jy daar is as hulle 'n skouer soek om op te huil of somer net om 'n stukkie te sit en rus.

Kyk hoe floreer kinders onder die sorg van 'n onderwyser wat hulle die versekering gee dat hulle 'n sekere taak kán doen. Met die regte hoeveelheid geduld en aanmoediging van die onderwyser af, gee die leerling dan ook sy beste omdat hy of sy nie die onderwyser wil teleurstel nie.

Mediese personeel wat pasiënte versorg – hoeveel gee hulle nie van hulself nie. Verpleging is beslis nie 'n beroep wat jy vir die groot salaris volg nie; dis mense wat liefde en versorging wil gee. Die personeel in ouetehuse wat na soms moeilike of siek en hulpelose bejaardes moet omsien gee hulle tyd, hulle geduld, hulle sorg en liefde vir daardie mense.

Brandweerpersoneel wat hulle eie lewe in gevaar stel om brande te gaan blus; wat probeer keer dat vlamme nie 'n hele huis verswelg nie. Wat hard veg om mense se besittings ongeskonde vir hulle terug te gee.

Elkeen van ons weet hoe lekker dit is om al bogenoemde brokkies te ontvang, hetsy die versorging, die kompliment, die liefde, die sorg. En vra jy vir enigeen van diegene wat die gewer daarvan was wat hulle daaruit kry om dit te gee, kom die antwoord so dikwels: "Want dis vir my lekker om te gee".

Daar is min dinge so lekker soos om te gee; om te weet deur dit wat jy so pas gegee het, het jy 'n verskil gemaak.

Kom ons maak 2017 'n jaar van gee: van hulp gee waar dit nodig is, van eerlike komplimente gee aan wie dit ook al verdien, van ondersteuning gee wanneer ons sien dat iemand deur 'n moeilike tyd gaan, van regtig vir mekaar omgee.

Seënwense vir die nuwe jaar wat voorlê.

Beste wense

Hannelie

Kontantvloei oplossings van die plaas tot die meule

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Gemagtigde finansiële dienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr. 1962/000738/06).
Volut Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk. SBSA 172406. 11/14



**Standard
Bank**

Volut Vorentoe™

Die toer deur die besigheidsoerwoud gaan voort...

Olifante

deur André W. Diederichs

Die derde sakeles wat bespreek word, is hoe om ondervinding te benut in jou sake-onderneming en dit word verbind met olifante. Olifante is groot vreters wat tot 170 kg voer per dag nodig het om hul massiewe liggame aan die gang te hou. By olifante, soos by leeus, vorm 'n groep naverwante olifantkoeie die stabiele eenheid. Volwasse olifantbulle sluit net aan by die groep as die olifantkoeie op hitte is.

Olifante se natuurlike habitat is die bosse in Afrika en hulle word tans aangetref in 37 lande in Afrika en Asië. Die sogenaamde Asiese Indiese olifant word in Indië aangetref. 'n Olifantkalfie kan tot 125 kg by geboorte weeg. Die grootste olifant wat ooit opgeteken is, is in Angola in 1956 geskiet en het ongeveer 12 000 kg geweeg.

'n Olifant kan 70 jaar en langer leef. Hulle begin hardloop teen 8 km/h en kan tot ongeveer 25 km/h in dieselfde beweging haal. Glo my, dis skrikwekkend om deur 'n omgekrapte olifant gejaag te word!

In 'n sakekonteks kan sakelui gerus maar by olifante gaan kers opsteek. Daar kan baie by olifante geleer word. As 'n simbool van wysheid in die kulture van Afrika en Asië, staan die olifant bekend vir sy uitsonderlike geheue en intellek. Hulle vergeet nie maklik dié wat hulle

bedreig het nie. Moenie hierdie les vergeet nie!

Wysheid bestaan uit intelligensie en ervaring. Dit is waarom die hoof van 'n trop olifante, of matriarg, gewoonlik die oudste olifantkoeie met die meeste ervaring is. Net soos wat die olifantmatriarg gebruik maak van getoetste strategieë om haar olifant-familie te beskerm, so moet entrepreneurs ook lesse uit die verlede inspan om hul sake-uitdagings en bedreigings met sukses die hoof te bied.

Spanwerk en leierskap is twee van die olifant se beste eienskappe. Hulle bestee meer as 80% van hulle tyd saam om met mekaar te kommunikeer, die groep se verdediging te koördineer, hulpbronne te verkry, asook om na die baba-olifante om te sien.

Net so moet lede van 'n sakeonderneming ook gehaltetyd saam spandeer om die kollektiewe wysheid van die sakeonderneming uit te bou en te benut. So sal lede binne 'n sakeonderneming 'n verenigde front kan vorm teen hulle markmededingers. Jou 'teenaanslag' teen jou mededingers moet egter voorafgegaan word deur 'n begrip vir die mededingendheid binne jou sakeomgewing.

Dikwels volg individue hul eie kop om sakeresultate te verkry en ignoreer die res van die span. Individualisme as sulks is nie sleg nie en natuurlik by tipiese entrepreneurs. Dit kan egter ook teenproduktief raak. Die uitdaging is om

individuele bydraes te waardeer en dit as kollektiewe wysheid te benut om jou sakestrategie te implimenteer.

In droë toestande, wanneer hulpbronne skaars is, vorm olifante hegte verbintenisse met ander olifantfamilies, gedrag wat 'n waardevolle les vir entrepreneurs inhou. Vestig langtermynverhoudings met jou sakevennote en ondersteun mekaar in uitdagende tye.

Sakeverhoudings word gebou op vertroue en kan slegs gevestig word deur kundigheid en integriteit. Kundigheid alleen is nie voldoende om sakeverbintenisse te vorm nie – dit is integriteit wat volhoubare en winsgewende sakeverbintenisse kan skep. Soos 'n wyse man eenmaal gesê het: "Mense gee nie om hoeveel jy weet nie, maar eerder oor hoeveel jy omgee."

Lede van 'n sakeonderneming moet as 'n span saamwerk ten einde hul markaandeel uit te brei, asook om die swakste skakel in die sakeonderneming te beskerm – net soos wat olifante hul baba-olifante beskerm.

Individuele pogings het beperkte of geen uitwerking op 'n sakeonderneming nie. Koördinasie op twee vlakke word vereis: Eerstens teen jou markmededingers en tweedens in terme van jou bemarkingstrategie om nuwe besigheid te beding. Slegs deur die span se sterk en swak punte te onderskei, kan die entrepreneur sy span effektief begelei in die rigting van sakevoortgang.



JOU OPBRENGS OP
BELEGGING



ONS VOORTREFLIKE
PAKKET

SAAM BOER ONS VIR DIE TOEKOMS

Die sleutel tot goeie risikobestuur is diversifikasie. PANNAR se voortreflike geelbasterpakket met verskeie groeiklasse en agronomiese eienskappe is 'n goeie keuse vir die beste opbrengs op jou belegging. Maak op PANNAR se geelbasters en kundige advies staat vir optimale produksie.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/YMAIZE/A/03





Politieke korrektheid kán

voedselsekerheid

vernietig

Die Oekraïene was vir meer as 200 jaar onder die beheer van die imperiale regering van die Russiese tsaars. Toe die laaste tsaar se mag in 1917 deur die kommunisme verbreek is, wou dit voorkom of die langverwagte geleentheid vir onafhanklikheid uiteindelik vir die Oekraïense bevolking aangebreek het. Optimistiese burgers van dié land het hulleself as 'n onafhanklike republiek verklaar en hul antieke hoofstad, Kiev, as die setel van hulle eie regering aangewys.

Die geskiedenisboeke toon egter aan dat hulle opgewondenheid nie lank geduur het nie. Teen die einde van daardie selfde jaar het die nuutgestigte Sowjetunie, onder leiding van Lenin, al die gebiede onder die vorige tsaars se beheer herwin, spesifiek die vrugbare Oekraïene ook. Dit het vier jaar van konflik ingelei en gepaard gegaan met voortdurende veldslae tussen die Oekraïene se eie nasionale mag en die Rooi Leer van Lenin aan die een kant asook Poolse, Romeense en Duitse magte aan die ander kant. Teen 1921 is die oorlog met 'n oorwinning vir die Sowjet-magte

beëindig. Dit het daartoe gelei dat die grootste deel van die land aan die Sowjetunie onderwerp is terwyl van die westelike dele onder Pole, Romenië en Tjeggoslowakye verdeel is. Dit was nie die einde nie maar eerder die begin van die Oekraïene se stryd wat volgens The History Place se artikel "Genocide in the 20th century" uiteindelik tot die totale verhogering van die land gelei het.

Kort ná die oorwinning het die Sowjetunie op groot skaal graan uit die Oekraïene na Moskou en ander Russiese stede verskeep om hul eie honger burgers te voed. Die tekort aan voedsel in die Oekraïene het uiteraard daartoe gelei dat Lenin en sy Sowjet-regering se verwerping tot nuwe laagtepunte onder die nuutverowerde gebied se bevolking gelei het. Om dit teen te werk het Lenin sy greep op die land verslap, minder graan uit die land verskeep en selfs so ver gegaan om die vrye mark sy gang in die Oekraïene te laat gaan. Hierdie vars bries het die Oekraïense inwoners se kultuur weer laat herleef, 'n nasietrots aangewakker en die produksiekapasiteit, veral voedselproduksie, laat floreer, totdat

deur dr. Philip Theunissen

Lenin in 1924 dood is en deur Joseph Stalin as leier van die Sowjetunie vervang is.

Stalin was een van die genadeloosste heersers ooit en die verlies aan invloed in die Oekraïene het hom glad nie aangestaan nie. Hy was 'n voorstander van die Sowjet se stelsel van grondbestuur en kollektiewe besit en ten einde die Oekraïense vryheid van gees te onderdruk, het hy in 1929, in 'n land waar 80% van die bevolking tradisionele boere was, alle plase en lewende hawe genasionaliseer. Onder hierdie boere was daar die sogenaamde Kulaks, 'n ryk klas boere wat 24 akker of meer grond besit het en wat ook van plaaswerkers gebruik gemaak het. In wese was 'n Kulak dus 'n welvarende kommersiële boer wat surplusvoedsel kon produseer.

Stalin was van die oortuiging dat enige toekomstige Oekraïense volksoopstande deur die Kulkaks geïnisieer sou word en hy proklameer vervolgens sy beleid van liquidating the Kulaks as a class. Daarmee saam het bykomende wetgewing dit ook verbied dat enigeen enige hulp van watter aard

ook al aan onteiene Kulaks kon bied. As verklaarde vyande van die staat, onteien van hulle eie plase en ontnem van al hulle privaat besittings, is daar na bewering 10 miljoen van hierdie hawelose kommersiële boere in goederetreine gelaai en na spesiale nedersettings in die verste uithoeke van Sibirië gedeporteer. Bykans 'n derde het in die haglike omstandighede omgekom terwyl dié wat enigsins arbeid kon verrig, as slawe in die myne en fabriek gebruik is.

Tuis in die Oekraïene was daar teen 1933 reeds 75% van die plase onder die regering se kollektiewe beheer en het die Sowjetse soldate met absolute geweld die oorblywende boere gedwing om op die kollektiewe plase te werk. Ten spyte hiervan was die eens trotse boere vasbeslote om hul eertydse glorie te herstel en het hulle bly weerstand bied deur hul eie ooste eerder te vernietig as om dit aan die Sowjet-regering te oorhandig. Die verlaging in produktiwiteit het tot groot tekorte in die beskikbaarheid van voedsel gelei en wat ook al geproduseer was, is grootliks na Rusland verskeep. Die koringoes van daardie jaar, wat genoeg was om aan die Oekraïense bevolking se eie behoeftes te kon voldoen, is op die internasionale markte verkoop om kontant vir die Sowjet-regering in Rusland te genereer waarmee weermagtoerusting op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog uitgebrei is.

Die uiteinde was dat daar letterlik geen voedsel meer vir die Oekraïense bevolking beskikbaar was nie, behalwe dít wat vir die polisie, soldate en politici gereserveer was. Desperate Oekraïense burgers het blare geëet, katte en honde geslag, muise en wilde voëls gekook en in uiterste gevalle selfs die lyke van dooie mense

as voedselbronne geplunder. Toe die hongersnood sy hoogtepunt in die lente van 1933 bereik het, het daar na bewering 25 000 mense per dag van honger in die Oekraïene omgekom. In totaal word geraam dat 10 miljoen mense as gevolg van die kunsmatig geskepte hongersnood gesterf

Mense van Oekraïense oorsprong wat in Amerika, Europa en Kanada woonagtig was, het op berigte van die hongersnood gereageer en kos na hul families in dié land gestuur. Hierdie kos het nooit verder as Oekraïense hawens gekom nie. Dit was die amptelike beleid van die Sowjet-regering om die hongersnood geheel en al te ontken en hulle het aangevoer dat berigte daarvoor doelbewuste pogings was om die Sowjet-regering in onguns te bring. In die Sowjetunie is mense gearresteer wat die woorde "hongersnood" of "verhongering" gebruik het. Selfs Westerse regerings het 'n passiewe houding teenoor die "sogenaamde" hongersnood ingeneem, al was hulle deeglik daarvoor ingelig deur hul eie diplomate in die Sowjetunie. Met die storm van die Tweede Wêreldoorlog aan die opbou, het hulle Stalin as 'n bondgenoot teen Hitler beskou en is daar selfs nuwe handelsooreenkomste met sy kommunistiese regering gesluit, eerder as om aantygings oor die hongersnood in die Oekraïene te maak.

Teen die einde van 1933 het die Oekraïense bevolking met 25% verminder en is die Kulaks as 'n klas totaal vernietig. Met sy doelwitte bereik, het Stalin sy greep verslap en toegelaat dat voedsel weer in die land versprei kon word, wat daartoe gelei het dat die hongersnood geleidelik begin afplat het. Die vervolging van vyande van die staat het egter voortgeduur en is eers in 1941

gestaak toe Hitler se Duitse troepe die Oekraïene binnegeval het.

Ironies is een gewelddadige vorm van regering toe maar net weer met 'n soortgelyke een vervang. Hitler was self ook op soek na voedsel vir sy vegtende magte en sy weermag het net weer opnuut die kosmandjies van die Oekraïene vir eie belang gestroop.

Die politieke landskap van 1933 het tot gevolg gehad dat die volle waarheid oor die Kulaks se uitwissing en die gepaardgaande impak daarvan op die voedselsekerheid van die Oekraïene, vir lank nie geopenbaar is nie. Die Tweede Wêreldoorlog se ekonomiese realiteite en politieke korrektheid het die Kulaks se verhaal onder die mat ingevee. Dit is maar eers sedert die inploffing van die Sowjetunie dat die ware feite ontdek is, maar selfs vandag nog word die Kulaks se verhaal nie eens in die Oekraïene aan die groot klok gehang nie. Daar is net oor al die jare heen nog te veel voortdurende konflik tussen die Oekraïene en Rusland en telkens wil die oorwinnaars nie net die grondgebied opeis nie, maar ook die geskiedenis hul eie maak.

Wat ook al die huidige "amptelike" weergawe oor die Kulaks is, hou die werklike feite 'n waardevolle les in van wat politieke inmenging aan die voedselsekerheid van 'n land kan doen en hoe die politieke korrektheid van alliansievennote die ingryping in 'n tragedie kan onderdruk, ten koste van die lewens van doodgewone landsburgers.



Riglyne vir

veeproduksie

tydens droogtes

deur prof. H.O. de Waal, Pr. Sci. Nat., Anim. Sci. [401721/83] van die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde (70) Universiteit van die Vrystaat

Beskikbare weidingsmateriaal op veld (natuurlike weiding) is baie min oor groot dele van die sentrale binneland. Toestande vir verbetering van die swak weidingsituasie in die oorblywende deel van die somer en winter is ongunstig. Afsien van karige weidingsmateriaal wat beskikbaar is, sal die min grondvog in die lente en vroeë somer ook 'n negatiewe effek op veldproduksie en diere hê. Oeste is reeds nadelig beïnvloed en oesreste wat normaalweg as veevoer gebruik kon word, is nie meer gereedlik beskikbaar nie

Deel 1: Voorkom onnodige veevrektes

Die heersende situasie is benard, maar dit kan bestuur word en die volgende riglyne kan help om onnodige vrektes te verhoed en finansiële verliese te verminder:

Riglyne om vee te voer

- Sorg dat kontantvloei sover moontlik oordeelkundig gehandhaaf word.

- Beskerm die kernteeldiere. Die vroulike diere moet ná die droogte weer inkomste genereer.
- Maak van strategies aanvullende voeding op veld gebruik.

- Verminder die aantal diere wat van voerbronne op die plaas afhanklik is deur surplusdiere te bemark of tydelik van die veld te verwyder deur hulle byvoorbeeld in 'n kraal of op aangeplante weiding te hou.
- Beperk diere se beweging deur hulle in klein kampies met koelgebome of ander beskutting te plaas. Sodoende het jy beter beheer oor die hoeveelheid voer wat daagliks aan die diere verskaf word.
- Verseker dat alle diere deurgaans toegang tot genoeg skoon drinkwater het.
- Skei die sterker en swakke diere om kompetisie by die voerbakke te verminder.
- Verhoed dat veral beeste vanweë swak voeding verhonger, verswak en gaan lê voordat hulle gevoer word.
- Moenie diere ad lib oor lang periodes voer nie. Rantsoeneer voer volgens produksievlakke wat verlang word, byvoorbeeld oorlewing of onderhoud (handhawing van liggaamsmassa) of laktasie.
- Moenie voer mors deur dit op die grond uit te gooi nie. Gebruik geskikte voerbakke of ou vervoerbande.
- Verskaf gerantsoeneerde hoeveelhede voer elke tweede of derde dag. Sodoende kry meeste diere genoeg kos om te vreet. Dit sal ook kompetisie by die voerbakke verminder.
- Wat kan gevoer word? Die basis vir herkouers is ruvoer, hetsy op die veld of in die krip. Grofgemaalde ruvoer word altyd beter benut (met minder vermorsing) as in die lang vorm. Die energie-inhoud kan verhoog word met 'n geskikte bron (bv. gemaalde mielies) en word dan gebalanseer met 'n geskikte ruproteïenbron. Die inname van minerale word ook gebalanseer volgens diere se behoefte.

- Voerkorrels is bloot gerieflik (vervoer, hantering, minder vermorsing) maar grofgemaalde ruvoer wat behoorlik gebalanseer is (soos hierbo verduidelik) kan goed in diere se behoeftes voldoen.
- Beperk die daaglikse inname van sout (NaCl) by skape op 5-10 g en beeste 50-60 g.

Voeding van die kernkudde

- Kuddes moet volgens ouderdom en produksiestatus gegroepeer word. Bepaal dragtigheid by beeste so gou moontlik ná afloop van die huidige dekseisoen. By skape en bokke word oëie geskandeer en meerlingstatus bepaal sodat hulle voeding spesifiek aangepas kan word.
- Benewens dragtigheid moet die toestand van tande ook bepaal word, veral by die ouer koeie en oëie. Koeie wat dragtig is, moet ten minste vir die volgende kalfseisoen tot speentyd nog goed kan wei. Slytbekke kan wel hul produksie in krale voltooi, maar dit sal teen 'n prys geskied.
- Stel 'n inventaris op van beskikbare veld en ander voerbronne. Die inligting is nodig om te bepaal hoeveel bekke aangehou kan word tot ná die begin van die volgende somer.
- Verminder die aantal diere wat van voerbronne op die plaas afhanklik is deur surplusdiere te bemark of tydelik van die veld te verwyder. Let op die reprodusierekord en speengewigte van vroulike diere se nageslag. In elke ouderdomsgroep is daar minder produktiewe diere wat uitgeskot kan word.
- Die beginsel van "cut-your-losses" kom ter sprake en verdere uitgawes moet teen verwagte inkomste oor die kort- tot medium termyn verdiskonteer word. Waak daarteen om jonger teeldiere van die hand te sit omdat hulle nou in 'n goeie kondisie en dragtig is en 'n premie beding kan word.
- Kry veeartsenykundige advies om moontlike wysigings aan doseer- en entprogramme aan te bring.

Deel 2: Raad oor die algemeen

Boere se situasie verskil, dus beveel ons aan dat jy 'n professionele kundige vir hulp met strategiese beplanning kontak. Indien daar min weidingsmateriaal op die veld is, sal lekke ook nie help nie. Te groot hoeveelhede aanvullende voeding



Plantmateriaal wat tydens droogtes op skraal en droë veld geselekteer word, bevat min ruproteïen.



word dikwels onder sulke toestande op veld gegee. Oordeel vroegtydig wanneer om diere van die veld te verwyder en strategies in kleiner kampies te voer. Onthou, op padreserwes is dalk nog plantmateriaal om te sny en baal.

Die blaaië van doringlose turksvye is 'n baie goeie voerbron. Heel blaaië kan vir beste gevoer word, terwyl dit grof gekap moet word vir skape en bokke. Tydens droogtes kan ons nie te kieskeurig wees oor die gehalte van voerbronne wat 'n verskil tussen lewe en dood vir diere mag beteken nie.

Indien laegraadse ruvoer, soos veldgrashooi of oesreste of turksvyblaaië beskikbaar is, kan dierevoedingkundiges dit as basis gebruik om 'n dieet te formuleer wat diere se minimum behoeftes kan bevredig.

Deel 3: Raad vir die herkouer

Plantmateriaal wat tydens droogtes op skraal en droë veld geselekteer word, bevat min ruproteïen.

Die verteringstelsel van herkouers en die simbiose met mikrobies in die groot- en ruitjiespens (retikulumen) bied geleentheid om ruproteïen met 'n nieproteïenstikstofbron (NPN) soos voergraadureum aan te vul. Die mikrobies in die retikulumen breek sellulose (vesel) af en vorm nuwe voedingstowwe (vlugtige vetsure en mikrobiëse proteïen).

Die komplekse vierledige "maag" ontwikkel geleidelik vanaf die suipfase (enkelmaag) na dié van 'n fisiologies volwasse herkouer. In jonger kalwers en lammers is die retikulumen nog besig om te ontwikkel. Gebruik dus natuurlike en hoër gehalte proteïenbronne eerder as NPN en verbyvloei-proteïen kan strategies verskaf word.

Deel 4: Raad oor aanvullende voeding (lekke)

Dit is altyd raadsaam om die volgende kritiese vrae vir 'n aanvullende voedingsprogram te beantwoord:

- Wat is die doel met die aanvulling? Moet proteïen, energie, 'n kombinasie van proteïen en energie, of minerale aangevul word? Moet diere se kondisie toeneem of droë diere slegs onderhoud (massa) handhaaf of laktasie ondersteun word? Diere in verskillende produksiefases moet spesifieke tipes en hoeveelhede aanvullings strategies ontvang.
- Hoe kan die doel die beste bereik word? Is minder produktiewe diere verwyder om alle weiding vir die oorblywende diere beskikbaar te stel? Die opsie word te min gebruik

aanvullende voedingsprogramme meer effektief en goedkoper vir die oorblywende diere te maak.

- Kan bepaal word of daar in die doel geslaag is? Hier faal meeste goed bedoelde pogings om diereprestasie te verbeter, want die aanbevole peile van aanvulling word selde gehandhaaf. Inname van aanvullende voeding wissel en word beïnvloed deur vreetspasie (getal diere/bak), toegang tot die bakke (dominansie tussen diere), peil van aanvulling en hoe dikwels bakke opgevol word.

Deel 5: Raad met veldbrande

- Wegholbrande of ongeluksvure kan huidige benarde toestande in ramptoestande verander. Gebiede waar veld gebrand het verkeer prakties gesproke reeds in 'n uiterste droogte.
- Maak doeltreffende brandbane, veral langs paaie, rondom woonkwartiere en ashope. Paaie is nie goeie brandbane nie, want die padoppervlakte is glad en kole word maklik deur wind oorgewaai. Vuur spreid ook deur stormwaterpype.



- Bepaal koeie en verse se dragtigheid so gou moontlik (agt weke vir koeie en ses weke vir verse) nadat bulle verwyder is. Nie-dragtige diere kan vir uitskot geïdentifiseer word en stadium van dragtigheid (vroë-, mid- en laatkonsepsies) vanaf die dekseisoen bepaal word.
- Saam met liggaamskondisie kan die inligting gebruik word om koeie te identifiseer wat sal baat by 'n vroeëspeen en/of strategiese aanvullingsprogram asook dié wat verkoop moet word. Ingeligte besluitneming skep geleentheid om die gevolge van die droogte te versag.
- Skaapproduksie kan ook baie baat by die vroeëspeen van lammers. Die ooie word daarna op 'n laer onderhoudsvlak gevoer en die lammers vinnig in 'n kraal afgerond.
- Dieregesondheid begin by die bek: Goeie voeding is die grondslag van gesonde diere en produksie.

Veranderinge in bestuur mag ook aanpassings in die program vir siektevoorkoming (inenting) vereis. Onthou inenting is 'n eenvoudige aksie ('n inspuiting), terwyl opwekking van immuniteit 'n meer komplekse proses in die dier behels wat proteïen (aminosure in die dieet) benodig om teenliggame te vervaardig. Tydens droogtes is die droë seisoene veral baie straf en die proteïeninhoud van gras laag. Tydige inenting mag oorweeg word ten einde ontwikkeling van beter immuniteit te verseker.

- Tensy die voorsiening van aanvullende voeding nie bestuur word nie, vreet sommige diere te veel en ander diere te min om baat daarby te vind.
- Diere moet nie vrugteloos op veld gevoer word nie.
- 'n Verskeidenheid produkte is beskikbaar. Kry advies by 'n professionele diervoedingskundige oor die opsies en produkte wat oorweeg kan word.
- Diere mag wel 'n matige verlies (10-15%) in liggaamsmassa ervaar, maar dan moet dit oor 'n relatief lang periode en onder beheer van oordeelkundige voedingsbestuur geskied.

- Veldbrande onderdruk grasproduksie vir sowat twee seisoene. Veld moet dus ten minste een groeiseisoen ná ongeluksbrande en ten minste een groeiseisoen voor 'n beplande brand rus.

Deel 6: Ten slotte

Produksie en reproduksie van beeste is gewoonlik swakker tydens droogtes en diere word makliker siek. Die omvang hang af van hoe ernstig die droogte is. Lakterende koeie, laat dragtige verse en speenkalwers is die kwesbaarste as gevolg van hul hoër voedingsbehoefte. 'n Goeie begrip van die faktore is nodig vir 'n koste-effektiewe bestuurstrategie om die gevolge van die droogte op produksie, reproduksie en gesondheid te versag. Die volgende algemene bestuursaspekte vir vleisbeeste kan oorweeg word:

- Drastiese veranderinge in bestuur soos die inperkings van in krale aanhou, veroorsaak groter spanning en vatbaarheid vir siektes. Die voorkoms van opportunistiese siektes mag vergroot en inenting benodig wat nie normaalweg nodig is nie. Spesifieke plaaslike toestande en omstandighede is bepalend in enige wysigings van inenting-, dip- en doseerprogramme. Bespreek enige moontlike aanpassing in die siektebeheerprogram met u veearts.
- Vitamienstatus moet ook geëvalueer en aangevul word.

Ons wens jou sterkte toe met die veeboerdery.

ELKE BOER

wil graag *meer pitte hê*

Pioneer kultivars is nog altyd bekend vir die hoogste opbrengs.
Nou is dié top genetika ook beskikbaar met Yieldgard Genuity.




Saam met jou van
**DIE WOORD
"GO"**

016-264-1000/021-951-1177

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com
© 2016 PHIL.
Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.



Yieldgard II® is 'n geregistreerde handelsmerk en gelisensieer deur Monsanto Beperk.



DIE SAAD VAN SUKSES



drie buffels

op die plaas

Deel van die groot vyf – die buffel

Buffels is inheems in Afrika en Asië. Dié van ons eie vasteland sluit die Kaapse buffel en die dwerg-woudbuffel in – al twee maar net verskillende vorms van dieselfde spesie.

Die Kaapse buffel, wat verspreid oor die grootste gedeelte van Suidelike Afrika en Midde-Afrika voorkom, het 'n skouerhoogte van sowat 1,7 meter. Hy is bekend vir sy horings wat 'n helm oor sy voorkop vorm en tot omtrent een meter lank word.

Die dwerg-woudbuffel hou in beboste dele van Midde- en Wes-Afrika. Hy is sowat anderhalf meter hoog, het 'n rooi vel en horings van sowat 75 cm lank wat na agter gedraai is.

Die buffel lewe in troppe – 'n groot trop kan uit duisende individue bestaan – en kleiner troppe kan van die hooftrop af wegbreek om hulle later weer daarby aan te sluit.

Sommige troppe bestaan uit slegs vrygeselbulle, en heelwat alleenloperbulle word ook aangetref. In 'n gemengde trop het die volwasse bulle 'n oorheersingsrangorde wat die mees dominante bulle toegang gee tot die koeie wat in estrum is. Die koeie het hulle eie rangorde. Die dominante diere word gewoonlik aan die voor- en middelpunt van die trop gevind waar daar beter weiding en beter beskerming teen roofdiere is.

'n Dier wys sy dominansie deur sy kop omhoog te hou, met die snoet uitgestrek na vore, en deur sywaarts te staan tot die teenstander of vyand. Die horings word ook

rondgeswaai. Die onderdanige dier laat sak sy kop en plaas sy neus onder die buik van die dominante dier.

Buffeltroppe het duidelik gedefinieerde tuisgebiede. Hulle wei meestal snags (ongeveer agt ure lank per dag), en gaan drink water vroeg soggens en teen skemer saans. Hulle hou daarvan om in moddergate rond te rol: dit verlig hittestres en het ook 'n belangrike sosiale funksie. Hulle soek skadu op gedurende die warmste tye van die dag.

Die buffel is 'n baie kragtige dier wat selfs by leeus respek afdwing. Behalwe vir die mens, het hulle bittermin natuurlike vyande. Hulle is in staat om hulself te verdedig teen die meeste roofdiere, en is selfs in staat om 'n leeu dood te maak. Leeus, oor die algemeen, maak slegs jag op ou, siek of onvolwasse buffels. Die ander roofdier wat wel ook soms buffels jag, is die gevlekte hiëna. Die luiperd is 'n bedreiging vir pasgebore kalwers. As deel van die sogenaamde “Groot Vyf”, word die buffel geken as 'n formidabele en onvoorspelbare teenstander.

Hulle kan tot 56 km per uur hardloop. 'n Gewonde buffel is uiters gevaarlik, en verskeie jagters is al gedood in buffelaanvalle. Ou veldkenners beweer dat 'n gewonde buffel op sy spore teruggaan en die jagter voorlê.

Die buffel se dragtigheidstydperk wissel tussen 330 tot 346 dae. 'n Enkele kalf word gewoonlik enige tyd van die jaar gebore, maar veral gedurende die somer. Die kalf se geboortegewig is 36 kg. Dit word gespeen enige tyd vanaf vyf tot 15 maande en die tydperk is ook afhanklik van of die volgende kalf al gebore is. Hulle beweeg naby die koeie rond vir 'n tydperk van twee jaar. Koeie kalf gewoonlik elke ander jaar, of twee maal in drie jaar.

Bulle word volwasse op agt jaar en koeie kalf die eerste keer op vyf jaar. Die leeftyd van die buffel is ongeveer 15 jaar.

Deel van die “klein vyf” – die buffelwewer

Die buffelwewer (*Bubalornis niger*) is 'n voëlspesie in die Ploceidae-familie en word in Angola, Botswana, Etiopië, Kenia, Mosambiek, Namibië, Ruanda, Somalië, Suid-Afrika, Suid-Sudan, Swaziland, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe aangetref. Die droë grasvelde is sy natuurlike omgewing.

Die buffelwewer eet hoofsaaklik saadjies, vrugte en insekte soos veral krieke, sprinkane, ruspes, kewers, kalanders, perdebye, bye, miere, vlieë en spinnekoppe. Hulle is ook lief vir skerpioene. Hierdie voedingsbronne kom meestal in die grond of tussen lae plantegroei voor en buffelwewers “wei” dus meestal op die grond rond.

Buffelwewers verkies om in gebiede te woon waar daar mense en lewende hawe is. Dit is selfs aangeteken dat waar die voëls saam met 'n gemeenskap gelewe het, die voëls sal padgee indien die gemeenskap verskuif.

Hierdie voëlsoort broei in kolonies. Die neste bestaan uit 'n groot hoeveelheid doringtakkes wat die groter nes in kompartemente verdeel. In elke kompartement is daar weer verskeie kamers waar die wyfies die eiers lê. In elke kamer is 'n kleiner nes wat uit gras, blare en plantwortels bestaan. Die hele groot koloniale nes word gewoonlik in 'n doringboom aangetref of in 'n windpomp naby waar daar mense woon.

Dit is interessant dat witrugvoëls en stomptert-arende hul neste bó dié van buffelwewers bou wat dan as kamoeflering dien teen die werwers se natuurlike vyande.

Wyfies lê gewoonlik tussen September en Junie eiers, maar die hoogtepunt van die broeiseisoen is tussen Desember en Maart. Wyfies lê van twee tot vier eiertjies op 'n keer en broei vir sowat 14 dae. Ná 20 tot 23 dae kan die voëltjies die nes verlaat.

Die mannetjies is meestal poligamiste met enigiets van een tot agt neste met drie wyfies. Daar is gewoonlik een dominante mannetjie wat die meeste neste en die meeste wyfies het. Die swakker mannetjies het minder neste en minder wyfies, maar hulle sal hul neste en wyfies beskerm deur aggressief voor te kom en harde fluitgeluide te maak. Dit gebeur egter wel soms dat twee mannetjies saamwerk om die nes te bou en hulle gebied te beskerm en ook die klein voëltjies te voed.

Terwyl hulle broei verduur die wyfie geen ander wyfies naby haar nes nie. Die wyfies voer gewoonlik die kleintjies self, behalwe as hulle deel is van 'n koöperatiewe broeikolonie. Hoewel valke, arende, slange en bobbejane graag jag maak op hierdie rooibekvoëltjies, word die buffelwewer se voortbestaan geensins in hierdie stadium bedreig nie.



En soms die grootste buffel op die plaas...





Parafilariase kan boere duisende rande kos



Parafilariase of valskneusing by beeste word volgens 'n artikel deur dr. Leon Venter van Cipla Agrimed (<http://www.brahman.co.za/Media/Journals/2014>) deur die rondewurmparasiet *Parafilaria bovicola* veroorsaak.

“Anders as ander rondewurms word hierdie parasiet nie in die maagdermkanaal aangetref nie, maar kom voor onder die vel van die bees. Die wyfiewurms is vier tot ses sentimeter lank en wit van kleur.

“Die parasiete kom in dele van die land voor met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 400 mm tot 700 mm en 'n rypseisoen van minder as 120 dae,” lui die artikel.

Simptome

Volgens dr. Venter is die enigste sigbare voordoodse tekens bloedingspunte wat normaalweg op die dier se skof sigbaar is.

“Die bloedingspunte word veroorsaak deur die vroulike wurm wat deur die vel boor om eiers te lê. Die bloedingspunte kom seisoenaal in die somermaande voor. Eiertjies kan in die bloed wat uit die letsel kom, deur middel van 'n mikroskoop waargeneem word. Die letsels wat onder die vel voorkom lyk soos kneusplekke – vandaar die naam ‘valskneusing’. Letsels kan oor groot dele van 'n karkas aangetref word en het 'n kenmerkende metaalreuk.

“Gesigsvlieë wat op die bloedingspunte voed, neem



die eiers in waarna die parasiet tot die infektiewe stadium ontwikkel in die vlieg. As die vlieg dan weer op 'n ander dier voed, word die parasiet oorgedra.

“Die skade wat die parasiet aanrig het selde enige nadelige effek op die dier se produksie en reprodusie vermoë, maar die verlies vir die boer is as gevolg van die wegsny van die aangetaste dele en afgradering van die karkas. Met erge besmetting kan die karkas selfs afgekeur word.”

Behandeling

Volgens dr. Venter kan die aangestaste beeste behandel word met “ivermektien, doramektien, moksiedektien of nitroksiniel”.

“Diere moet ten minste 70 tot 90 dae voor hulle geslag word, behandel word om die letsels kans te gee om te genees. Diere moet ook nie langer as 120 dae voor slag behandel word nie. Behandeling met Ivermax Platinum in voerkrale is baie effektief omrede die baie lang nawerkende effek van 89 dae.

“Deur beeste met 'n piretroïed dipstof te dip kan die vliegvektor getalle verminder word en dramatiese afname in valskneusing te weeg gebring word.”

Geskiedenis

In 'n ander publikasie op die webblad <http://journals.co.za/> lees ons dat beesparafilariase eers in 1964 in Suidelike Afrika vasgestel (Pienaar & van den Heever: Tydskr. S. Afr. vet.-med. Ver. 35 : 181) is.

“Destyds was dit eerder as 'n seldsaamheid beskou: voorkoms, verspreiding en betekenis was onbekend. Die feit dat die parasiet slegs in 25% van karkasletsels vasgestel kan word en dat die kenmerkende tekens geredelik en gewoonlik aan beter bekende en meer algemene oorsake toegeskrywe kon word, het ongetwyfeld 'n demper geplaas op die herkenning en diagnose van die toestand.

“In die lewende dier lyk die omskrewe huidbloedings soos beserings deur dorings. draad, bytende vlieë of bosluise. Die onderhuidse letsels in die karkasse van aangetaste diere lyk baie soos dié wat deur kneusing gedurende hantering en vervoer op een of ander tyd voor slagting veroorsaak word.”

Voorkoms

Volgens 'n artikel op die webblad <http://www.cpdnsolutions.co.za/> word beeste, buffels en perde onderskeidelik aangetas deur *Parafilaria bovicola*, *Parafilaria bassoni* en *Parafilaria multipapillosa*. Eersgenoemde verskaf egter die grootste kliniese en ekonomiese kommer “omdat stukke van beeskarkasse weggesny moet word of selfs deur die slagpale afgekeur kan word, beesvelle hul waarde verloor en omdat die voorkomingsmaatreëls en behandeling van kliniese gevalle baie duur is”.

Buffelparafilariase is al in die Kruger-wildtuinkompleks en ook in die Sabi Sand-wildreservaat aangemeld en het nogal vir groot kommer gesorg. Die siekte is ook by verskeie Asiëse buffelspesies gediagnoseer. Perdeparafilariase is in Asië, Afrika, Europa en Suid-Amerika aangeteken en het

ook by ingevoerde perde in Brittanje voorgekom. In Suid-Afrika is dit nog net sporadies gesien.


“*Suifilaria suis* kan varke aantast wat dan onderhuidse nodules sal veroorsaak. Dit is wel al in Suid-Afrika aangeteken, maar dit blyk van minder belang te wees.”

Blykbaar infesteer die parasiete die onderhuidse en intermaskulêre verbindingsweefsel wat dan lei tot knoppe en bloederige afskeidings of “bloedpunte” op die vel. Vlieë van die *Musca*-spesies is 'n tussengangergasheer met verskillende spesies wat in verskillende geografiese gebiede aktief is.

“By beeste sal Afrika-gesigvlieë veral rondom die oë en neus die uitskeidings eet, en ook bloed as daar stukke plekkies op die vel is.”

In Suider-Afrika kom beesparafilariase hoofsaaklik voor in doringveld en die Bosveldgebiede soos die Limpopoprovinsie, Zoeloeland, Noord- en Oos-Kaap. Dit kom ook wydverspreid in Namibië voor (maar in lae getalle), is algemeen in Oos-Botswana en Swaziland en is skaars in grasveldgebiede.

Uit navorsing blyk dit dat die siekte seisoenaal is en in Suid-Afrika op sy ergste is tussen Augustus en Januarie. Buffels word meestal rondom September aangetas en die kliniese gevalle klaar gewoonlik 'n maand vroeër op as wat by beeste die geval is.



Lewensiklus

Die eiers of larwes van die parasite is volgens hierdie artikel teenwoordig in die uitskeiding van die bloedpunte op die aangestaste dier se vel. Die gesigvlieë vreet dit dan saam met die bloed en binne enkele weke word die parasiet saam met die vlieg se uitskeidings na ander onbesmette diere oorgedra – veral deur die oogvog van die dier of wanneer daar enige stukkende plekkies op die onbesmette dier se vel is. Die larwe van die parasiet ontwikkel dan onder die dier se vel tot wasdom – sowat vyf tot sewe maande nadat dit die liggaam binnegekom het.

Die volwasse wyfie-parafilaria steek die vel stukkend om haar eiers te lê. Dit veroorsaak dan die bloedpunte. Die hare en vel rondom die wond word gekoek van die bloed, wat dan weer meer vlieë lok om daar te kom vreet. Individuele stukkende plekke bloei net vir 'n klein tydjie en genees redelik vinnig.

Simptome

Beeste word meestal op die skouers, die skof en die borskas geïnfekteer en in baie skaars gevalle kom daar ook tekens op die agterkant en rugstring voor.

In die vroeë stadiums van die infeksie lyk die vleis gekneus, maar as die infeksie chronies is, begin die vleis 'n jellieagtige groen-geel voorkoms kry en dit ruik metaalagtig. In erge gevalle sit die kneusings tot baie diep in die vleis wat beteken 'n groot klomp vleis gaan verlore as dit weggesny moet word. In erge gevalle word die karkas gedeeltelik of geheel en al afgekeur.

By buffels word die bloedkolle meer op die buikkant van die buffel aangetref.



Behandeling en beheer

Daar is twee basiese benaderings wat gevolg kan word: Eerstens om die parasiet uit te wis in vee wat geslag gaan word, en tweedens, om die oordrag van parasiete op die plaas waar die beeste grootgemaak word, te verminder of uit te roei.

Volgens hierdie artikel is "macrocytic lactones" en "nitroxynil" die vernaamste geregistreerde medikasie teen parafilaria.

Dit is belangrik om hierdie middels 'n geruime tyd voordat die diere geslag gaan word, toe te dien. Daar is gevind dat indien die diere meer as 120 dae ná behandeling geslag is, daar weer tekens van die vroeë larwestadiums was, wat weerstand teen verdere behandeling sal bied en volwasse wurms gaan word.


Dit is ook uiters noodsaaklik om die vlieë wat die parasiet oordra, te beheer.



Beesvet 33+, 'n spesiaalgeformuleerde proteïenkonsentraat, verseker ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename. Die ionofoor wat ingesluit is bevorder voeromset en groei en voorkom voedingsteurnisse en koksidiöse om maksimum wins te verseker. Met Beesvet 33+ sien jy nie net die verskil nie, jy voel dit ook aan jou sak.

'N BUL IN TOP KONDISIE. PRAGTIG!

Danksy Beesvet 33+ is ons vleisbeeste in puik kondisie en het hulle die regte spierhou en massatoename vir veilings en skoue. Dankie Molatek! – Robert Selenati, Hekpoort, Gauteng.



MOLATEK BEESVET 33+

Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)



Vir meer inligting oor spesifieke voere en dienste, kontak:
EPOL: +27(0)31 242-8600 | www.epol.co.za
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za
RCL FOODS: www.rclfoods.com

SUKSES IS IN DIE SAK

Reënmeteers

verklap heelwat inligting

Reënmeter

Volgens www.wikipedia.org is dit nie net boere wat hul reënmeteers daagliks nagaan om te sien hoeveel water hulle gekry het nie. Meteoroloë en hidroloë gebruik ook hulle reënmeteers om neerslag gedurende 'n bepaalde periode op te vang en te meet, maar hulle bestudeer klimaat en weerstoestande en maak broodnodige voorspellings aan die hand daarvan. Maar later meer daaroor. Ons kyk nou eers na die reënmeter self.

In 'n eenvoudige reënmeter, met 'n bottel of fles wat van glas of deursigtige plastiek gemaak word, word die neerslag opgevang en in millimeters aangedui. Een millimeter kom ooreen met een liter water per vierkante meter.

By <http://mobserver.co.za/> word 'n interessante sommetjie gemaak: As jy 25 mm reën op 'n 1 000 vierkante meter erf kry, is dit 25 ton water, en op een hektaar is dit 250 ton water.

Gestel jy het 'n 1 000 hektaar plaas en jy kry 80 mm reën, is dit 800 ton x 1 000 hektaar, wat beteken dit is 800 000 ton water!

As jy nou 'n 10 ton watertrok vat en jy ry 10 vragte elke dag van die jaar, sal dit 800 000 x 10 x 10 x 365 dae wees. Dit sal dus 21,9 jaar vat om dit aan te ry!

Terug by www.wikipedia.org: "In 'n professionele opset behoort die reënmeter vrystaande te wees sodat dit nie onder of naby hoë voorwerpe soos geboue en bome

staan nie. Die bokant van die tregter moet ongeveer 40 cm bo die grondvlak wees. Die hoeveelheid neerslag moet minstens een maal per dag gemeet word om verdamping sover moontlik teen te werk.

"As die neerslag nie reën is nie, soos byvoorbeeld met ys of sneeu, word 'n ingeboude verwarmers gebruik om die neerslag te smelt. Nadat dit gesneeu het kan die hoogte van die sneeu ook gebruik word om die aantal millimeters te bepaal. Een sentimeter sneeu is ongeveer gelyk aan een millimeter gesmelte water."

Meteoroloog

'n Meteoroloog of weerkundige doen "noukeurige waarnemings van temperatuur, lugdruk, lugvogtigheid, neerslag, wolke en windsnelhede. Die inligting word dan saamgevoeg en op kaarte en diagramme aangedui. Die natuurwette wat die beweging van die atmosfeer beheer, word dan toegepas om uiteindelik by 'n voorspelling uit te kom.

"Die vakgebied van die meteorologie is vir die eerste keer omstreeks 350 voor Christus deur die Griekse filosoof en wetenskaplike Aristoteles in sy werk Meteorologica beskryf. Vir dié rede word hy as die eerste bekende meteoroloog beskou. Meteoroloë vervul 'n belangrike voorligtingstaak. Dit geld nie net vir weervoorspellings en -waarskuwings nie, maar ook vir verskeie ander wetenskaplike onderwerpe soos die impak van die osoonlaag, klimaatsveranderinge, stygende seevlakke en ontbossing."

As daar een instrument is wat ons boeregemeenskap goed ken, is dit 'n reënmeter. Dis seker ook die instrument wat die afgelope paar weke die meeste dopgehou is toe die genadereën ná die droogte van 2016 begin val het, al weet ons die droogte en sy nagevolge is beslis nog nie verby nie. **Hannelie Cronjé** het gaan nalees hoe presies 'n reënmeter werk, wat sy funksies is en hoe die lesings geïnterpreteer moet word.



Hidroloog

“'n Hidroloog is 'n deskundige op die gebied van (die kringloop van) water. In die praktyk begin die vakgebied van hidrologie op die oomblik wat reën val en nie weer verdamp nie. Daarmee sluit dit nou met meteorologie (weerkunde) aan.”

Hidroloë hou hulself besig “met die vraag hoeveel water deur slote, dreine of afstroming oor die oppervlakte weggevoer word, en hoeveel in die grond insypel. Hidroloë wat na kanale en slote omsien word oppervlakwater-hidroloë genoem.

“As die water in die grond intrek, kom dit via die wortelsone van gewasse by die grondwater uit. Die hidroloë wat hulself met watervoorsiening vir landbougewasse besig hou, word agro-hidroloë genoem.

“Die grondwater-hidroloë (of geohidroloë) hou hulself besig met die beweging van ondergrondse water. Vandaar kan die water weer na die oppervlakte opborrel, of selfs dieper in die aarde intrek. Uiteindelik kan dit by die see uitkom, of vir benutting opgepomp word.

“Omdat dit nie slegs oor die omvang van strome gaan nie, maar ook oor die chemiese samestelling van die water, is daar 'n noue verband met bodem- en geo-chemici.”

Neerslag

“Neerslag is 'n atmosferiese verskynsel waar water in die vorm van waterdruppels, ys, of sneeu, meestal afkomstig uit wolke, na die aarde val. Sodra die water of ys die grond bereik, word dit as neerslag beskou. Neerslag is deel van die aarde se watersiklus.

“Die neerslag op die aarde varieer beduidend, tussen 50 en 200 mm per jaar in woestyngelande tot meer as 10 000 mm per jaar in tropiese gebiede.”

Liter

Die liter is 'n maateenheid van volume wat gelyk is aan 'n kubus met kante van 10 cm oftewel 1 dm^3 (een kubieke desimeter, waar een desimeter gelyk is aan 10 cm).

“Dit is ook gelyk aan $1\,000 \text{ cm}^3$ of 10^3 m^3 . Die liter is 'n eenheid wat in die Internasionale Stelsel van Eenhede gebruik word.

“Die naam ‘liter’ is afgelei van die pre-Rewolusionêre Franse eenheid, die *litron*. In 1793 was die liter deur die Franse Rewolusionêre regering as $1\,000 \text{ cm}^3$ gedefinieer.

“Terselfdertyd is die kilogram gedefinieer as die gewig van $1\,000 \text{ cm}^3$ by die vriespunt van ys. In 1799 is die *Kilogramme des Archives* vervaardig. Dit was gebaseer op $1\,000 \text{ cm}^3$ water by sy grootste digtheid, dit wil sê $4 \text{ }^\circ\text{C}$.”

Wanneer 'n mens dus nou na 'n reënmeter teen 'n hoekpaal in die landery kyk, besef jy dis nie 'n instrument wat sommer net lukraak aan mekaar gesit word nie. Daar is vir elke kenmerk van die reënmeter 'n spesifieke doel, en die inligting wat dit verskaf, beteken eintlik boeke vol.

Maak jou eie reënmeter



Benodigdhede

2 liter plastiëkoeldrankbottel
klippe
water
maskeerband
liniaal
pen of donker potlood



Maak so

1. Sny die boonste derde van die koeldrankbottel af.
2. Pak 'n paar klippe onderin sodat die wind dit nie kan omwaai nie.
3. Gooi water in tot net bo die klippe.
4. Teken 'n skaal in sentimeters op 'n stuk maskeerband met die hulp van 'n liniaal en plak dit op die kant van die bottel sodat jy net bo die bestaande waterlyn kan begin tel.

Plaas die reënmeter buite op 'n oop plek. Daar moet niks bo die reënmeter wees, soos bome, drade of die buiterand van 'n dak nie – dit kan water van die reënmeter weghou of te veel daarin laat val.

Lees die reënmeter elke dag dieselfde tyd, gooi die reënwater uit en maak weer vol water tot waar die skaal begin.

Jy kan ook die hoeveelheid reën met die tydsduur van die reënbui probeer vergelyk. Was dit 'n kort en hewige bui of 'n lang en ligte een?



VKB en Sensako span kragte saam en stel **senseed** bekend

VKB en Sensako, jare lange teler van hoogstaande graankultivars, het op 1 Januarie vanjaar hul kragte saamgesnoer om sodoende die voorsiening van graansade tot nuwe hoogtes te neem. Die nuwe gesamentlike onderneming se naam is Senseed en die aandele in Senseed sal in gelyke dele deur Sensako en VKB besit word.



Foto v.l.n.r.: Francois Swanepoel (uitvoerende uoof: VKB Landbou), Paul Carshagen (direksie-voorsitter VKB Groep), Koos Janse van Rensburg (besturende direkteur VKB Groep), Dr. Francois Koekemoer (Sensako-direkteur, Navorsing en Ontwikkeling), Patrick Graham (Sensako-direkteur Kommersiële) en Wikus Bergh (Sensako-direkteur Operasioneel)

VKB sien hierdie samesmelting as 'n geleentheid om nog meer waarde vir sy klante toe te voeg. Sensako het oor die afgelope bykans 50 jaar, sedert sy ontstaan in 1958, 'n sterk reputasie verwerf met die teel en ontwikkeling van gewasse en ook genetiese programme om gewasse te verbeter. Veral die afgelope agt jaar vandat die maatskappy in 2008 'n herbekendstelling geloods het, was Sensako baie bedrywig. Tot op daardie tydstip was Sensako se werksaamhede gefokus op graan, maar sedertdien is baie tyd en energie belê om sy portefeulje uit te brei om ook hawer, gort, rog en mielies in te sluit met die spesifieke fokus op oliesade, naamlik soja en sonneblom.

Volgens Sensako is dié maatskappy nou gereed om die kommersiële mark te betree met 'n produkreeks wat in die afsienbare toekoms selfs verder uitgebrei sal word.

Juis vanweë VKB se strewe om waarde vir sy landbouklante toe te voeg, het daar 'n behoefte ontstaan om sterker bande te smee met die telers van die genetika. Hoewel daar baie energie deur die privaatsektor ingeplou word in die teling van bastersaad, sal die teling van selfbestuivende gewasse in die toekoms tot 'n groter mate deur die gebruikers daarvan gedryf moet word bloot omdat dit nie so winsgewend is om te teel soos wat met bastersade die geval is nie.

Senseed gee vir VKB die geleentheid om kragte saam te snoer met 'n ervare teler van genetika. Sensako het die intellektuele kapitaal en 'n bewese rekord in die teling van puik genetika. VKB is reeds jare lank betrokke by die kweking van saad, die verwerking daarvan en die verskaffing en finansiering daarvan aan landbouprodusente en het 'n groot bestaande klantebasis wat produsente in die Vrystaat, Limpopo, KwaZulu-Natal en Mpumalanga insluit. Daar is dus sterk sinergie tussen VKB en Sensako. As die twee kragte saamgevoeg word, kan 'n baie beter platform geskep word om die produsente in die Hoëveldstreek te bedien.

Deur Senseed kan VKB sy bestaande klante beter diens en Senseed het ook die vermoë om klante oor 'n groter geografiese gebied as net VKB se gebied te diens. VKB sal steeds die finansiering van saadverkope aan sy klante finansier wat deur Senseed sowel as ander saadverskaffers aan hulle verkoop word.

Senseed sal onafhanklik bedryf word en fokus op die verskaffing van agronomiese sade vir gewasse vir die somerreënvalstreek. Saam met VKB kan Sensako sinergieë uitbrei deur Sensako se kernvaardighede in navorsing en saadproduksie te kombineer met VKB se logistiek, kliëntefinansiering en die verskaffing van insette. Op dié manier baat alle belanghebbendes by die samewerking.

“Ons sien uit na 'n lang, volhoubare en gemeenskaplik voordelige verbintenis met Senseed, VKB, produsente en die breë landbousektor,” sê Patrick Graham, Sensako se handelsdirekteur.

“VKB glo daar is 'n plek in die mark vir Senseed en is vol vertroue dat die besigheid homself binne 'n kort tydperk sal vestig as 'n sterk mededinger in die saadmark,” is die mening van Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van die VKB Groep.




KAUFMANN



**KAUFMANN
QUALITY
APPROVED**

FIVE STAR LIVING IN THE GREAT OUTDOORS

GO VISIT KAUFMANNOUTDOOR.CO.ZA TO VIEW OUR RANGE

The Kaufmann Outdoor Range is available from participating NTK/VKB retail stores.
Exclusively distributed by  Agrinet

beproefde genetika

Wintergewasse

- Koring - Droëland & Besproeing
- Haver
- Rog

Somergewasse

- Sonneblomme
- Sojabone
- Mielies
- Droëbone

Weidingsgewasse

- Lusern
- Oulandgras
- Tef
- Akkerbone
- Radyse

Verskaffer van 'n wye reeks
saad van **uitgesoekte
maatskappye**



senseed

Kontak: Bethlehem 058 303 4690 | Reitz 087 358 8111
VKB Beleggings (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverkaffer FDV 4813


   vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za



SENSAKO



lid van die
vkb
GROUPEGROEP
member of the



Voermol aanbevelings vir skaapboerdery in die somerreënvalgebiede

VOERMOL

www.voermol.co.za

MENGSEL	ALTERNATIEF - KIES EEN VAN:	VOLVOER
AFRONDING VAN LAMMERS EN KRUIPVOEDING		
670kg Graan, 80kg Voermol Melassemeel (V1995), 200kg Voermol SS 200 (V8592), 50kg Voermol Procon 33 (V12701). Inname: Weidings - 300 - 500g/dier/dag. Voerkraal - <i>ad lib.</i> plus ruvoer. Kruipvoeding vanaf 15 dae na lam; Verhoog Voermol Procon 33 (V12701) tot 100kg en verminder graan na 620kg.	Voermol Energieblok (V11456); Voermol Superlamkorrels (V17425).	200kg Voermol SS 200 (V8592), 650kg Graan, 150kg Lusernhooi. Inname: <i>ad lib.</i> Vervang tot 80kg van graan met Voermol Melassemeel (V1995).
PRIKKELVOEDING		
200kg Graan, 250kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Sout. Inname: Weidings - 250 - 300g/ooi/dag.	Voermol Energieblok (V11456); Voermol Superlamkorrels (V17425).	
DRAGTIGE EN LAKTERENDE OOIE		
200kg Graan, 250kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Sout. Inname: Dragtige Ooie - 250 - 300g/ooi/dag. Lakterende Ooie - 300 - 500g/ooi/dag.	Voermol Maxiblok (V17424); Voermol Maxiwol Produksiekorrels (V15415).	400kg Graan, 150kg Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985), 50kg Voermol Procon 33 (V12701), 400kg Lusern. Inname: Berperk inname van meerlingooie na lam tot 4.2 - 4.5% van liggaamsmassa/dag, Of vervang die Lusern met 900kg Kuilvoer nat Inname: Berperk tot 3 - 4kg/ooi/dag, Voermol Lamhokkorrels (V26843) Inname: Berperk inname van meerlingooie daaglik tot 4.2 - 4.5% van liggaamsmassa.
DROË DIERE		
800kg Maxiwol Konsentraat (V4985), 200kg Sout. Inname: - 150 - 200g/dier/dag.	Voermol Ekonolek (V11147); Voermol Proteienblok (V10448); Voermol Super 18 (V355).	200kg Graan, 200kg Voermol Super 18 (V355), 600kg Ruvoer (kuilvoer nat 1700kg). Inname: <i>ad lib.</i>

Vir navrae kontak u Voermol agent.

(Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Terwyl Voermol alles in sy vermoë gedoen het om die juistheid te verseker van hierdie inligting, is ons nie aanspreeklik vir enige foute wat moontlik onopsetlik ingesluit is nie.

January '17/Flow 68



Die Voermol 3-fase beeslekprogram vir die sentrale en westelike gemengde - en soetveldgebiede

VOERMOL

www.voermol.co.za


FASE	FASE 1. SOMER	FASE 2. WINTER	Fase 3. LAAT WINTER EN VROEË LENTE
Weiding	Groen veld.	Doodgerypte, droë gras en oesreste.	Droog, min gras en oesreste.
Voedingstekorte	Fosfor en spoorminerale.	Proteïen.	Proteïen en energie.
Tipe lek	Minerale - en spoormineraalek.	Onderhoudslek.	Produksielek.
Tydperk	± 6 maande: Desember tot Mei.	± 4 maande: Junie tot September.	± 2 maande: Oktober tot November.
Koeie met somer kalwers	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Superfos (V17422); 2. Meng 1 sak Voermol Rumevite 12P (V11994), 1 sak Voermol Super 18 (V355) en 1 sak sout; 3. Voermol Fosfaatblok (V10264).	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Super 18 (V355); 2. Voermol Premix 450 (V4676); 3. Voermol Hoëveldlek (V16150); 4. Voermol Rumevite Beesblok (V10932); 5. Meng graan en/of sout met Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737).	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Produksielek (V10108). 2. Meng graan en/of sout met: Voermol Premix 450 (V4676); Voermol Hoëveldlek (V16150); Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737). (Sien Voermol produkhandleiding).
Verse, eerstekalkoeie en koeie in swak kondisie	Voermol Supermol (V7267), 21 dae voor dekseisoen en die eerste 42 dae van dekseisoen.	Opsies – Kies een van: 1. Voermol Ekonolek (V11147); 2. Voermol Proteïenblok (V10448); 3. Voermol Landelek (V15414) op oesreste.	Soos bo.
Uitgroeï van speenkalwers	Voermol Supermol (V7267) op groen veld en Voermol Molovite (V7266) op bemeste aangeplante weiding.	Soos bo.	Soos bo.

Vir navrae kontak u Voermol agent.

(Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Terwyl Voermol alles in sy vermoë gedoen het om die juistheid te verseker van hierdie inligting, is ons nie aanspreeklik vir enige foute wat moontlik onopsetlik ingesluit is nie.

January '17/Flow 68



Sojasiektes

kan doeltreffend beheer word

Suid-Afrika is tans die grootste produsent van soja op die Afrika-vasteland, en hierdie gewas groei steeds in gewildheid. In hierdie artikel wat saamgestel is uit 'n geskrif van P.S. van Wyk en M.A. Smit (<http://www.proteinresearch.net/>) fokus ons op van die siektes en plaë wat soja in Suid-Afrika kan aanval en waarvoor produsente op die uitkyk moet wees.




Bakteriese puisie

Simptome: Klein, liggroen vlekkes op blare word gevolg deur 'n verhewe puisie aan die onderkant van die blaar. Letsels kan ook op peule ontwikkel. Die siekte word in blaarreste en saad oorgedra. Vermoed 'n praktyk van minimum bewerking as die infestasië erg was. Party kultivars wat in Suid-Afrika geregistreer is, het weerstand. Moet verkieslik nie vatbare kultivars aanplant nie.

BAKTERIESE SIEKTES

Bakteriese skroei


Simptome: Klein, geel tot ligbruin vlekkes op blare, die sentrale gedeeltes droog vinnig uit tot donkerbruin of swart, met 'n waterige rand. Stukkies van die aangetaste blaar val soms uit. Siektebeheer word nie normaalweg aanbeveel nie, maar kyk na verdraagsaamheid by kultivars. Ná 'n jaar van swaar infestasië word deeglike ploegbewerking aanbeveel.



Bakteriese bruinvlek


Simptome: Klein vlekkes vergroot en bedek later die hele blaar. Bruin tot later swart letsels verdroog en kan later uitval, en blare kry 'n gehawende voorkoms. Aangesien letsels dikwels sekondêr gekoloniseer word deur swamme en aangesien simptome veroorsaak deur *Phylosticta* sp. baie dieselfde is, is korrekte identifikasie nodig. Saailinge wat ontwikkel vanaf besmette saad kan verdwerg wees en blare mag aan mekaar vasgroeï. Kultivars mag verskil

in vatbaarheid en hoogs vatbares moet vermy word. Saad vanaf besmette lande moet nie vir heraanplanting teruggehou word nie.



Skroeibrand

Simptome: Bruin, nekrotiese vlekke ontwikkel op die blare. Vlekke word deur 'n prominente, breë, geel watermerk omring. Onder nat toestande brei letsels uit om groot gedeeltes van blare te bedek. Dele van besmette blare kan afval en plante mag ook ontydig ontblaar. Dieselfde beheermeganismes as by ander bakteriese siektes word voorgestel.



Bakteriese chlorose

Simptome: Die boonste blare van jong sojaboonplante vertoon liggroen tot feitlik wit. Die oorsaak van die toestand word toegeskryf aan 'n oneffektiewe ras van die nodule-vormende bakterieë.



SWAMSIKTES

Saadverrotting en saailingsiektes

Simptome: 'n Bruin tot rooi verkleuring van die stam en penwortel. Saad en saailinge word aangeval en dit gee aanleiding tot swak stand. Dikwels kom saailinge normaal op, maar "verdwyn" dan as gevolg van verrotting van die penwortel. Hierdie probleem kan voorkom word met behulp van 'n geskikte saadbehandeling.

SIEKTES VAN BLARE EN PEULE

Alternaria blaarvlek:



Simptome: Bruin, dooie letsels met konsentriese ringe ontwikkel op rypwordende of beskadigde blare. Letsels kan saamvloei om groot, dooie areas op blare te vorm. Besmette blare droog spoedig uit en die plant

ontblaar ontydig. Tydens vertraagde oes mag peule en sade toenemend besmet raak. Beheer op plante word nie aanbeveel nie.

Antraknose

Simptome: Sojabone is op alle stadia van ontwikkeling vatbaar vir hierdie swam. In die vroeë stadium van peulvorming vorm talle klein, langwerpige, rooi tot donker letsels op stamme, peule en blaarstele. In 'n laat stadium van plantontwikkeling kan peule deur die swam oordek word en sade word aangeval. Beide saadbehandeling en blaarbespuiting kan toegepas word waar nodig.



Bruinvlek

Simptome: Hoekige, rooibruin vlekke op die primêre blare, moontlike ontydige ontblaring nadat vergeling van onderste blare voorgekom het. Onreëlmatige, donkerbruin vlekke van variërende vorm en grootte is op aangetasde blare waarneembaar. Stamme, peule en sade kan op 'n laat groeistadium ook aangetas word. Saadbehandeling of blaarbespuiting met 'n swammiddel sal die siekte beheer.

Cercospora skroei en -blaarvlek




Simptome: Simptome word eers sigbaar tydens begin van peulvul. Boonste blare verkleur eers perserig, maar bruin vlekkes ontwikkel later, wat saamvloei om onreëlmatige dooie areas in 'n vergeelde blaar te vorm. Hierdie blare kan ontydig afval. Op stamme kom versoonke persbruin letsels voor. Peule ontwikkel soortgelyke letsels. Die uitstaande simptome is die tipiese persbruin verkleuring op die saadhuid. Saadbehandeling en blaarbespuiting met 'n swammiddel sal die siekte beheer.

Donsige meeldou

Simptome: Bokant van blare kry liggroen of -geel vlekkes wat groter en bruin word. Aan die onderkant van die blaar bedek grys-wit swamgroeï die letsels. Met swaar besmetting val die blare af. Die siekte kan met behulp van saadbehandeling of blaarbespuiting beheer word. Onder abnormale klimaatstoestande kan hierdie letsels sekondêr gekoloniseer word deur *Alternaria alternata* en letsels baie soortgelyk aan grootoog blaarvlek mag voorkom.

Phyllosticta blaarvlek



Simptome: Letsels is rond, ovaal, onreëlmatig of kenmerkend V-vormig. Gewoonlik word net die eerste paar drieledige blare geïnfekteer. Stamme en peule en laastens ook sade mag geïnfekteer word. Beheermaatreëls sluit in wisselbou, siektevrye saad en inploeg van plantreste.

Rooi blaarvlek

Simptome: Die patogeen val blare, blaarstele, peule en stamme aan. Donkerrooi tot bruin, ronde tot hoekige letsels ontwikkel op blare. Swaar besmettings kan lei tot ontydige blaarval en vervroegde rywording. Die siekte kom algemeen in Zimbabwe en Zambië voor.



Rhizoctonia topskroei



Simptome: Vlekke verskyn op blare, stamme en peule en begin op die laer of middelste gedeeltes van die plant en beweeg opwaarts. Blare en plantdele verwelk en verkleur groenbruin. Aangetaste dele verbruin en die hele plant ontblaar. Die siekte kan voorkom of beheer word deur middel van weestandbiedende kultivars, of met behulp van saadbehandeling of blaarbespuiting.

Roes


Simptome: Fyn, gelerige waterdeurweekte letsels verskyn op die onderste blare van die bledak. Later ontwikkel vaal- tot rooibrui roesletsels met puisies op die onderkant van die blare. Sojaboonroes kan maklik met bakteriese puisie, donsige meeldou en ander siektes verwar word en professionele identifikasie is noodsaaklik. Geen weerstand

teen sojaboonroes is tans beskikbaar nie en swaar besmetting kan tot ernstige oesverlies lei. Die patogeen oorwinter vermoedelik in rypvrye omgewings langs die kusgebiede van KwaZulu-Natal vanwaar dit met die begin van die seisoen na die binneland versprei. Dit kan beheer word met 'n geregistreerde swamdoder.



Teikenvlek

Simptome: Rooibrui letsels ontwikkel op blare in die laatseisoen. 'n Geel tot grys-groen sone kom dikwels om letsels voor. In ouer letsels verskyn konsentriese ringe, wat aanleiding tot die naam gee. Swaar besmette blare sal ontydig afval. Simptome op peule is klein, ronde, donkerbruin vlekke. Tydens uitermatige nat toestande, kan sade in besmette peule aangeval word en verkleur. Die siekte rig normaalweg min ekonomiese skade aan.



SIEKTES VAN WORTELS EN STAMME

Bruin stamvrot

Simptome: Dié siekte ontwikkel onder lae temperature. Besmette plante wys nie simptome tot en met peulset nie. Areas tussen blaarnerwe verbruin en sterf af. Hierdie dooie weefsel kan uitbrei om die hele blaar in te sluit. Wisselbou moet toegepas word om die swam te beheer.



Fusarium verwelk, wortelvrot en kroonvrot

Simptome: Verwelking: 'n Vinnige verwelking van plante wat grysbruin verkleur, kom dikwels onder hoë temperature voor. Sulke plante toon gewoonlik 'n verbruining van die vaatbundels, wat sigbaar is as stamme oopgesny word.



Wortelvrot en kroonvrot: Onder koel toestande kan saailinge geïnfecteer word en afsterf. Siektesimptome kan ook later sigbaar word, wanneer onderste blare vergeel, later nekroties word en plante kan afsterf.

Phytophthora wortelvrot



Simptome: Plant word op enige stadium in die groeiseisoen aanval. Saadverrotting en verwelking voor opkoms kan in versuiptoestande voorkom. By ouer plante is daar vergeling tussen blaarnerwe, gevolg deur algehele verlep. Meer verdraagsame kultivars vertoon 'n verrotting van die wortels, maar sterf nie af nie. In die geval van vatbare kultivars versprei die verrotting en plante sterf later af. Verbruining van stamme vanuit die grondlyn opwaarts is kenmerkend. Vermyn swak gedreineerde grond en plant weerstandbiedende kultivars.

Phomopsis peul- en stamskroei



Simptome: Stamme, blaarstele, peule en sade word geaffekteer sonder om simptome te wys. Plante verdroog mettertyd en die spoordraende strukture van die swam is dan in rye op stamme en peule van sulke plante sigbaar. Dit is 'n belangrike

oorsaak van swak saadkwaliteit. Behandeling van saad of blaredak met 'n swammiddel kan die siekte beheer.



Stamkanker

Simptome: In die vroeë reprodusiewe stadium vergeel blare en gaan later oor in nekrose. Rooibruin letsels op stamme word gewoonlik by die blaaraanhegting waarneembaar. Nekrose van die apikale meristeem mag voorkom en vertoon 'n herderstaf-simptom. Kankers op stamme versprei later ook hoër op in die plant. Die voorkoms van die siekte is afhanklik van omgewingstoestande en kom nie elke seisoen ewe straf voor nie. Wisselbou en gebruik van swamdoder op die saad kan die siekte beheer.

f in p vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za

Ons haal die beste uit Soja FSoil

Vervaardigers & Verspreiders van:

- Sojaboonoliekoek
- Ontgomde Sojaboonolie
- Sojaboondoppies

Ons verskaf ook die volgende dienste:

- Prysrisiko verskansing
 - Aflewering
 - Versakking



Kontak Johan Scholtz: Tel: +27 87 358 8305 | Sel: +27 74 156 5087 | e-pos: johans@vkb.co.za
 Jannie Myburgh: Tel: + 27 87 358 8569 | Sel: +27 71 610 2077 | e-pos: jannie.myburgh@vkb.co.za
 Plot 550 & 551 | Uitzen Straat | Industriële Area, Villiers, 9840 | Posbus 5, Villiers, 9840

Sclerotinia stamvrot

Simptome: Verwelking en afsterwing van blare gaan gepaard met 'n bleek, grys stamletsel. Onder nat weerstoestande oordek 'n wit skimmelgroeï die stamme. Later is swart oorlewingstrukture op stamme waarneembaar. Die voorkoms van Sclerotinia stamvrot is voorspelbaar en kan met swamdoders voorkom word.



Sclerotinia skimmel

Simptome: Plante kan op enige stadium van ontwikkeling aangeval word. Enkele verwelkte plante kom verspreid in 'n land voor en vertoon 'n ligbruin verkleuring van die kroon. Wit hifestringe kan op die stamme en grond waargeneem word. Klein ronde balletjies (die oorlewingstruktuur), aanvanklik wit, later ligbruin, donkerbruin tot byna swart, word met die hifegroeï geassosieer. Organiese materiaal op die grondoppervlakte kan as 'n besmettingsbron dien. Die siekte kan verhoed word deur oesreste in te ploeg en operd van plante te vermy.

VIRUSSIEKTES

Alfa mosaïekvirus

Simptome: 'n Kenmerkende heldergeel mosaïeksimptoom op blare. Blaarnere bly aanvanklik groen, maar verbruin later. Die graad van mosaïek-ontwikkeling verskil tussen kultivars. Beheer is moontlik deur siektevrye saad te plant.

Akkerboonmosaïekvirus (Plantluis-oordraagbaar)

Simptome: Oor die algemeen vertoon geaffekteerde blare 'n donkergroen area aan weerskante van die nerwe. Simptoomuitdrukking word egter beïnvloed deur die spesifieke ras van die virus, asook die kultivar betrokke. Simptome kan dan verwar word met dié van sojaboonmosaïekvirus of grondboonmosaïekvirus. Plant virusvrye saad.

Grondboonmosaïekvirus (PeMoV)

Simptome: Geaffekteerde blare vertoon 'n tipiese nerfverheldering, 'n ligte mosaïek en blaarvervorming. Die graad van mosaïekontwikkeling en blaarvervorming mag wissel. In sulke gevalle stem dit ooreen met simptome veroorsaak deur sekere sojaboonmosaïekvirusrasse of akkerboonmosaïekvirus. 'n Finale identifikasie kan slegs in 'n laboratorium geskied. Plant virusvrye saad.

Sojaboonmosaïekvirus

Simptome: Blare vervorm en krul na onder. Ook kreukeling van blaar langs die nerwe. Simptome mag verwar word met dié van grondboonmosaïekvirus. Identifikasie moet bevestig word deur laboratoriumtoetse. Die virus kan deur saad oorgedra word. Saad vanaf besmette plante mag bruin of swart saalmerke vertoon, maar saailinge vanaf sulke saad is nie noodwendig besmet nie. Plant siektevrye saad en beheer virusdraende insekte.

SKADE VEROORSAAK DEUR INSEKTE

Afrikaanse bolwurm en koolvalslandmeterruspe

Simptome: Die landmeterruspe voed op blare en bolwurms op blare en peule. Gate word in ouer peule gevreet en sade word beskadig. Beheer van landmeterruspes word slegs by swaar infestaties oorweeg. Chemiese beheer van bolwurm sal nodig wees as 'n groot aantal larwes, 5 tot 15 mm lank, gedurende vroeë peulvulstadium aanwesig is.

Groen stinkbesie

Simptome: Plantsappe word deur die groen stinkbesie uit die peule gesuig en laat 'n kleurlose letsel op die peul, wat later insink en verbruin. Onegalige saadvul, afsterf van enkele sade in die peul en kwaliteitsverlies is die gevolg hiervan. Chemiese beheer is selde op groot skaal nodig. Die gewas kan ook beskerm word deur die lande met spuitstof te omsoom.

Roospinmyt

Simptome: Myte voed hoofsaaklik aan die onderkant van die blare, maar versprei later oor die blare en die hele plant. Eerste simptome is chlorotiese stippels op die blare, wat verbrons, uitdroog en afval. Spindrade is sigbaar met hoë infestaties en die onderkante van blare vertoon poeieragtig wit. Beheer is moeilik, omdat die onderkante van blare met die insekmiddel bedek moet word.

Sondagsrokkie

Simptome: Sondagsrokkielarwes voed op die blare en vertoon swart, met liggaamstekels. Kenmerkend van dié ruspe is dat blare aanmekaar of teen stamme vasgespin word. Chemiese beheer word oorweeg as meer as ses larwes per meter op jong plantjies voorkom.

Valsdraadwurm

Simptome: Larwes voed op saad, ontwikkelende saailinge en stamme van saailinge na opkoms. Saadbehandeling is slegs gedeeltelik doeltreffend en die inwerk van 'n insekdoder lewer beter resultate.

SIEKTES DEUR AALWURMS VEROORSAAK

Knopwortelaalwurm

Simptome: Ronde tot langwerpige galle word op wortels gevorm. Besmette plante verdwerg en verwelk maklik in droë toestande. Weerstandbiedende kultivars word aanbeveel en geskikte wisselbou moet toegepas word.

GEBREKSIMPTOME VAN NIE-PARASITIESE AARD

Kaliumtekort

Simptome: Tekortsimptome is maklik uitkenbaar aan die vergeling en terugsterwing van blaarrande. Simptome is veral opsigtelik gedurende die peulvulstadium.

Ystertekort

Simptome: Jong blare vergeel tussen die nerwe en kan in uitsonderlike gevalle afsterf. Kultivars soos Forrest en Hutton is veral gevoelig.

Molibdeentekort

Simptome: Akute tekort gaan gepaard met swak nodulering en vergeelde blare, soortgelyk aan stikstofgebrek. Molibdeen kan as 'n saadbehandeling toegedien word.

Mangaantoksisiteit

Simptome: Mangaantoksisiteit veroorsaak verpotte groei, met donkergroen blare en 'n gekreukelde voorkoms. Mangaantoksisiteit is hoogs waarskynlik in erg versuurde gronde.

Weerligskade

Simptome: 'n Onverklaarbare kol dooie plante, binne 'n radius van ongeveer 15 m, mag dui op weerligskade. Alle plante, insluitende onkruid, sterf skielik af. Die probleem kan verwar word met ander siektes en die gebrek aan verspreiding van dié simptome sal weerligskade aandui.

Haelskade

Simptome: Stamme toon donker, versinkte kolle, wat tot swaminfeksie en breekskade aanleiding kan gee. Waar terminale groeipunte afgeslaan is, sal hergroei 'n aantal sytakke voortbring.

Verdwergde peule

Simptome: Klein, verdwergde peule sonder sade, kan 'n aanduiding wees van manlike steriliteit, mikoplasma-tipe siekte of van "Tobacco Ringspot Virus".

CHEMIESE BESKADIGING

Onkruidodderskade

Simptome: Selverdeling word onderdruk. Opkoms en saailingontwikkeling word onderdruk. Blare vertoon abnormaal donkergroen. Ook koppievorming en



Ons tegnologie tot jou voordeel!

Insek- en onkruidbeheer is twee kritiese aspekte van mielieproduksie. Dit is hier waar Monsanto se tegnologie kan help om jou mielies te beskerm en om die lewe vir jou as bedrywige boer so bietjie makliker te maak.

Kombineer die voordele en plant 'n stapelgeenbaster. Ons tegnologie maak 'n verskil!

YieldGard[®]
MAIZE II

YieldGard[®] Maize II

YieldGard[®] II bied uitstekende beheer teen *Busseola fusca* (Afrika-mieliestronkboorder) en *Chilo partellus* (die sorghum-stronkboorder of gevlekte meliestronkboorder).

Oes die voordele van YieldGard[®] II-tegnologie!

Roundup Ready[®]
MAIZE 2

Roundup Ready[®] Maize 2

Roundup Ready[®]-tegnologie en -sisteme bied:

- Toegang tot bewaringsbewerkingspraktyke.
- Breëspektrum onkruidbeheer.
- Bewese gewasveiligheid.
- Toedieningsbuigsaamheid.

Wees wys en span ons slim tegnologie in om jou oes te beskerm.

MONSANTO



Kontak gerus on kliëntediens by **011 790-8200** of
customercare.sa@monsanto.com

Monsanto, Roundup Ready[®], YieldGard[®] II en Roundup Ready[®] 2 Maize is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



Tuta absoluta

hou groot bedreiging in vir tamaties in SA

Die blaarmynermot, *Tuta absoluta*, se Latynse naam kan dalk 'n bietjie digterlik klink, maar hierdie pestilensie, met 'n voorkeur vir tamaties en ook aartappels, dreig om sy pad deur produsente se bankbalans te vreet. Hannelie Cronjé het gaan nalees hieroor.

Volgens 'n artikel van Lourens Schoeman op die webblad <http://www.news24.com/SouthAfrica/Local/Kouga-Express> het hierdie siekte nou pas hier in die tweede helfte van verlede jaar, sy kop in Suid-Afrika uitgesteek.

"Volgens Makenosi Maroo, hoofdirekteur, openbare betrekkinge en kommunikasie van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, is die voorkoms van *Tuta absoluta* in die oostelike dele van Mpumalanga opgemerk," skryf Lourens.

"Dit het in 2006 van Suid-Amerika na Europa en Noord-Afrika versprei, en toe deur die Midde-Ooste na Indië. Daarna is dit in Kenia en Tanzanië aangemeld in 2014, en in September 2016 in Zambië en Suid-Afrika."

Ons tref voorsorg

"Die departement het die verspreiding van die *Tuta absoluta*-pes oor die wêreld heen deeglik gemonitor en het al 'n ruk gelede noodmaatreëls ingestel om agrochemikalieë te registreer sodat onmiddellik opgetree kan word in geval van 'n uitbraak in Suid-Afrika," sê Maroo. Dié pes kan volgens haar nie heeltemal uitgeroei word nie, maar dit kan in bedwang gehou en onderdruk word.

"In gebiede waar swak beheermaatreëls toegepas word, kan *Tuta absoluta* tot 100%-verliese onder tamaties veroorsaak en ietwat minder onder aartappels. Dit, op sigself, hou 'n groot bedreiging in vir voedselsekerheid, veral omdat aartappels en tamaties daaglik 'n groot deel van Suid-Afrikansers se dieet vorm," sê Maroo.

Indien goed geïntegreerde landboubestuur toegepas word, kan die pes wel doeltreffend beheer word. Volgens Maroo is daar reeds etlike agrochemikalieë om die pes te beheer by die departement geregistreer, maar sy maan dat dit oordeelkundig toegedien moet word.

"Die grootste uitdaging met hierdie pes is dat dit binne 'n enkele seisoen weerstand teen chemikalieë kan opbou. Chemikalieë met verskillende aktiewe bestanddele moet in rotasie aangewend word volgens die aanwendingsvereistes," sê Maroo.

Volgens 'n ander artikel by <http://m24ibarg01.naspers.com/argief/berigte/landbouweekblad> wat deur Marieke Snyman geskryf is, is die tamatieblaarmyner (*Tuta absoluta*) "op

die voorgrond van landbouuus sedert dit in 2006 oeste in Europa ernstig beskadig het”.

“Die grootste rede waarom tamatieboere oor die tamatieblaarmyner bekommerd is, is dat dit ernstige oesverliese tot gevolg kan hê en dat dit maklik weerstand teen plaagdoders ontwikkel.”

Solanaceae-gewasse aangetas

“Hoewel tamaties die vernaamste gasheer van die plaag is, is ander plante in die Solanaceae-familie, soos die aartappel, eivrug, soetrissie en verskeie onkruid, ook al deur die plaag aangeval. Die larwe van die motplaag boor binne-in blare en kan ook vrugte binnedring. Die skade wat hulle berokken, laat die blare uitdroog en vrugte, soos tamaties, kan nie meer bemark word nie. Die plaag versprei op saadjies asook op vrugte.”

Tref voorbereidings

“In die lig van die groot hoeveelheid tamaties wat in die noordelike dele van die land verbou word, moet die plaag as ernstig beskou word. Tamaties is 'n stapelgewas vir klein boere en dra by tot werkverskaffing en ekonomiese groei. Dit is ook die hoofbestanddeel in ten minste een voedselbron vir die meeste Suid-Afrikaners op 'n daaglikse basis – óf vars óf reeds verwerk. Internasionale reisigers en die handelaarsgemeenskap word aangeraai om nie die kweekmateriaal van die gasheerplant in te voer nie en ook nie met tamatievrugte van ander lande na Suid-Afrika toe te reis sonder om die nodige invoerprosedures te volg nie.

“Kontak die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye indien enige verdagte simptome op tamatie- of aartappelblare of die tamatievrug opgemerk word.”

Me. Sanette Thiar, besturende direkteur van die Aartappelserifiseringskema, het destyds volgens die artikel gesê dat die tamatieblaarmyner beslis 'n bedreiging inhou. “Hoewel dit nie as 'n groot plaag by aartappels gereken word nie, is dit steeds 'n bron van kommer vir die aartappelbedryf.”

Sy het toe ook aartappelboere aangemoedig om enige teken van die plaag dadelik by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye of hul naaste sertifiseringskantoor aan te meld vir die nodige ondersteuning.

Waar sal ons hulp vandaan kom?

Volgens hierdie artikel het die maatskappy Koppert Biological System 'n biologiese bestrydingsopsie teen *Tuta absoluta* geïdentifiseer.

“Die predatoriese *Nesidiocoris tenuis* vreet die eiers en larwes van die tamatieblaarmyner. Dit is ook die natuurlike vyand van die witvlieg (*Trialeurodes vaporariorum*) asook *Bemisia baci* en ander insekplae onder nuttige plante.

Feite in 'n neutedorp



- *Tuta absoluta* is 'n hoogs skadelike blaarmynermot wat veral tamaties aanval. Dit kan egter ook eivrugte, soetrissies en aartappels aantas.
- Omdat *Tuta absoluta* so vinnig kan toeneem, is die grootste gevaar dat produsente onkant betrap word. Voorkoming en goeie bestuur is gevolglik baie belangrik.
- Die mot teel vinnig aan, met 'n lewensiklus van tussen 24 en 38 dae. Dit beteken dat hierdie insek tot 12 generasies per jaar kan lewer. Elke vroulike mot kan tot 250 eiers op 'n plant lê. Die larwes voed, en vorm myne op blare, stamme en selfs vrugte.
- *Tuta absoluta* kan enige bogrondse plantdeel aanval. Dit is dus heel moontlik om die plaag gedurende die hele groeiseisoen waar te neem.
- Die beste strategie om hierdie ernstige plaag onder beheer te bring, is om nuwe groei te beskerm, en voorkomende motspuite in 'n goeie weerstandsprogram te kombineer.

Bron: Tomatoessa.org (Johan Janse van Rensburg – Dow AgroSciences)



Bemesting en besproeiing van tamaties

Die bemesting en besproeiing van enige variëteit is een van die kritieke bestuursaspekte wat die potensiaal van 'n gewas bepaal. Dié twee faktore het 'n invloed op al die ander aspekte soos pes- en plaagbeheer, siekteweerstandbiedendheid, gehalte en opbrengs. 'n Plant wat nie onder enige stres verkeer nie se produksiepotensiaal is beter en kan ook die eksterne omgewings- en klimaatstoestande beter hanteer. Dit is belangrik om te kyk na die balans van die plant, hoe groot is die plant ten opsigte van die verhouding van blare teenoor vrugte, wanneer kom die plant in produksie, asook om seker te maak dat die plante nie te vegetatief groei nie. Hierdie faktore maak die oplei, oes en plaagbeheer moeiliker en het ook addisionele kostes tot gevolg. Aanvangsbemestings is veral geneig om te veel te wees en dit stuur die plant in 'n vegetatiewe fase in. Dit neem 'n geruime tyd vir die plant om weer in balans te kom en dit is in meeste gevalle te laat om optimale produksie te kry.

Sakata Saad is op die voorgrond van ontwikkeling en die plaaslike teelprogram wat reeds in 1956 begin is, is diep gegrond in die hele tamatiebedryf wêreldwyd. Sakata, as 'n internasionale maatskappy, is betrokke in verskeie vastelande met die uitruil van genetiese materiaal om op die voorgrond te bly van die nuuste tendense en siektes wat voorkom in die wêreld. Die kennis en ervaring

hierin word toegepas om vandag leiervariëteite vry te stel wat in Suid-Afrika geteel word en aangepas is vir die plaaslike markte met al die vereistes wat daarmee gepaard gaan.

Fusarium ras 3 is nog nie 'n groot probleem in Suid-Afrika nie, maar is alreeds in enkele produksie-areas waargeneem. Die weerstand teen Fusarium ras 3 gee gemoedsrus teen die siekte in areas waar dit 'n probleem is. Dit is belangrik om te weet dat weerstand teen Fusarium ras 1 en 2 nie weerstand bied teen ras 3 nie. Producenten wat vermoed dat hulle probleme het, kan met vrymoedigheid met Sakata in verbinding tree om moontlike uitbrake te bevestig. Een van die probleme wat ondervind word, is dat onoordeelkundige uitsprake gemaak word deur sekere rolspelers en dat die siekte verwar word met ander patogene. Dit veroorsaak verwarring ten opsigte van die beheer van Fusarium ras 3 en ook die ander patogene – in baie gevalle is daar in elk geval nie slegs een patogeen betrokke met die uitbreek van siektes in produksieland nie. Ook hier speel bemesting en besproeiing 'n baie belangrike rol in die voorkoming en verspreiding van siektes.

Sakata het onlangs 'n reeks nuwe variëteite vrygestel in die onbepaalde ronde segment, en die ontwikkelingswerk wat die afgelope tyd gedoen is, het groot opgewondenheid geskep by produsente wat die variëteite beproef het. Sakata het verder verskeie suksesvariëteite in die mark vrygestel wat in verskeie produksiegebiede naam gemaak het vir hulself. Kontak gerus een van Sakata se verteenwoordigers in u area om meer uit te vind oor die opwindende nuwe vrystellings.

Esty: Esty bied weerstand teen *Tomato curly stunt-virus* (ToCSV), en is 'n sterk groeikragtige plant met groot aantrekklike vrugte. Fermheid en goeie kleur van die vrugte maak die variëteit 'n moet in die produksieprogram. Baie goeie resultate is die afgelope tyd met die variëteit verkry en dit vergelyk baie goed met van die ander variëteite wat op in die mark beskikbaar is.

Alexis is 'n kompakte plant met groot hoëgehalte vrugte en bied weerstand teen *tamatiekromnekvirus*. Die variëteit doen veral goed in die westelike dele van Suid-Afrika.

Durene: 'n Groeikragtige plant met eenvormige vruggrootte regdeur die plant en weerstand teen *Tomato curly stunt-virus* (ToCSV) en *kromnekvirus*.

Galaxy is die nuwer variëteit en ideaal geskik vir verbouing onder beskerming en oopland as snoeipraktyke toegepas word. Die variëteit gee baie hoë gehalte vrugte van eenvormige grootte. Weerstand teen *Tomato curly stunt-virus* (ToCSV) en 'n hoë opbrengspotensiaal.

Fortuna: Semi-bepaalde groeiwyse, met groot vrugte en digte blaarbedekking om teen sonbrand te beskerm. Hoë opbrengspotensiaal en die besondere siektepakket wat weerstand teen *Fusarium oxysporum* ras 3 en bakteriese verwelking insluit. Uitstekende variëteit vir winterproduksiegebiede.

Esty, Durene, Galaxy en Fortuna beskik ook oor die standaard siektepakket van *Verticillium*-, *Fusarium*-, *tamatie-mosaïek-virus*- en *nematode*-weerstand.



Sakata - ‘n tamatievariëteit geskik vir elke produsent



Durene



Esty



Fortuna



Galaxy



SAKATA[®]

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE

Emerald

GOLD PREMIUM & PUPPY

Scientifically
formulated.
Recommended by
Vets & Breeders

Emerald Gold is rich in rice and chicken.

INGREDIENTS INCLUDE

BIO-MOS - Helps to promote gut health.

NATUREOX - A natural anti-oxidant reducing the risk of cancer.

SPIRULINA - is a natural supplement that is rich in essential vitamins and minerals

GLUCOSAMINE & CHONDROITIN

Strengthens cartilage and improves joint flexibility

DIATOMS - An organic solution for intestinal health.



V20052

V23631

Omega 6:3
Ensures a
healthy skin and
shiny coat



Nature's recipe to keep your dog healthy and in peak condition.

eMail | info@emeraldgold.co.za | www.emeraldgold.co.za





ADHD

Hoe gemaak as jou kind (óf jy) nie op een taak kan fokus nie?

WAT IS ADHD?

Aandaggebrek-hiperaaktiwiteitsindroom (ADHD – voorheen na verwys as ADD) is 'n duidelik omskrewe en algemeen aanvaarde mediese toestand. Dit is nie 'n ydel etiket vir stout kinders of slegte ouers nie. Alle kinders gedra hulle soms sleg en geen ouer is volmaak nie. Soos met talle mediese toestande weet ons nie wat die oorsaak is nie.

Ons weet egter dat:

- ADHD geneig is om 'n familietrek te wees, wat te kenne gee dat daar 'n genetiese skakel in hierdie aandoening is.
- Die brein van mense met ADHD verskil van dié van ander mense. Spesifieke areas van die brein toon 'n verskil in struktuur, metabolisme en chemie.

ADHD IS ALGEMEEN

Soveel as een uit 20 kinders mag ADHD hê. Baie pasiënte spreek nooit 'n dokter nie en is dus nie gediagnoseer nie.

Dit is drie tot vier keer meer algemeen by seuns as by dogters.



DIE 3 SLEUTELSIMPTOME VAN ADHD IS:

1. Hiperaktiwiteit

- Rusteloos
- Woelig, altyd besig om te voetel en aan dinge te raak
- Praat onophoudelik
- Lyk ongeduldig
- "Altyd aan die gang"
- Geneig om hul sitplek ongepas te verlaat

2. Impulsiwiteit

- Praat en handel sonder om te dink
- Kan nie hul beurt afwag nie
- Lae frustrasietoleransie
- Mag gevaarlike aktiwiteite onderneem sonder inagneming van die gevolge

3. Onoplettendheid

- Kan nie konsentreer nie
- Spring van taak tot taak
- Ongeorganiseerd
- Vergeet opdragte
- Maak dikwels agterlosige foute
- Verloor dinge wat vir daaglikse aktiwiteite nodig is
- Dagdream

HOE WORD ADHD GEDIAGNOSEER?

Alle kinders is natuurlik soms onoplettend, rusteloos en impulsief. Die punt omtrent ADHD is dat hierdie soort gedrag van die uiterste graad is. Dit veroorsaak aansienlike probleme tuis en by die skool, en is reeds ooglopend vanaf 'n jong ouderdom. Elke individu ervaar hierdie simptome op 'n ander manier. By sommige mense is onoplettendheid die grootste probleem, by ander is dit hiperaktiwiteit en impulsiwiteit, nog ander ondervind al drie simptome.

Die diagnose word gemaak volgens spesifieke kriteria, in die DSM-IV (*Diagnostic and Statistical Manual of the American Psychiatric Association*) gespesifiseer, soos:

- gedrag wat deurentyd anders is as dié van ander kinders van dieselfde ouderdom, geslag en ontwikkelingsvlak, vir 'n tydperk van minstens ses maande.
- Verskeie hiperaktiewe-impulsiewe of onoplettendheidsimptome wat probleme veroorsaak, was teenwoordig voor die ouderdom van sewe jaar.
- 'n Mate van probleme weens die simptome is in twee of meer omgewings (bv. skool en tuis) teenwoordig.

HOE WORD ADHD BEHEER?

Onafhanklike mediese gesaghebbendes beveel 'n kombinasie van medikasie en gedragterapie vir ADHD aan. Gedragterapie verskil van kind tot kind volgens die kind se behoeftes en die beskikbare middele. Dit sluit in onderrigprogramme, wat deur spesialiste ontwikkel is, om kinders te help om hul gedrag te beheer en beter te presteer op skool, soos gedraghantering, oueropvoeding, sosiale vaardighede, woedebeheer en skoolgebaseerde programme om prestasie en gedrag te verbeter.

Medikasie genees nie ADHD nie, maar terwyl kinders dit neem, verbeter dit die sleutelsimptome: onoplettendheid, hiperaktiwiteit en impulsiwiteit.

Daar is verskillende tipes medikasie. Die mees algemeen voorgeskrewe medikasie is beskikbaar as:

- onmiddellike-vrystelling-formulerings met 'n werkingsduur van drie tot vier uur en wat twee tot drie maal per dag geneem word;
- langwerkende formulerings wat ses tot agt uur lank hou; en
- verlengde-vrystelling-formulering wat een maal soggens geneem word en 12 uur lank werk.

U dokter sal die mees geskikte behandeling vir u kind bepaal.

VERSORGING VAN 'n KIND MET ADHD

Uitputtend, ontmoedigend, verleentheid, frustrasie ... u kan self die res invul. Daar is sekere tye waarteen u vreeslik opsien – om hulle by die skool te gaan haal, supermark toe te gaan, familie te gaan besoek. Sommige ander ouers verstaan nie en dink u is n slegte ouer. Soms dink u hulle mag reg wees. Dit is egter noodsaaklik om te besef dat ADHD nie u skuld is nie, en nie u kind se skuld is nie.



7 TOPWENKE OOR HOE OM ADHD TE HANTEER

1. **Vind soveel oor ADHD uit as wat u kan:** Gesels met die mense wat by die sorg van die kind betrokke is, lees boeke, gebruik die internet.
2. **Kry aandag.** Wanneer u opdragte gee, maak seker dat u die kind se volle aandag het.
3. **Wees positief.** Sê vir hulle wat om te doen, eerder as wat om nie te doen nie.
4. **Skep roetines.** Kinders met ADHD reageer beter op roetines omdat hulle 'n beter idee het oor wat hulle veronderstel is om te doen.
5. **Maak duidelike reëls,** en skryf hulle neer, sodat daar geen argument is oor wat die reëls is nie.
6. **Fokus op sterkpunte.** Verhoog u kind se selfvertroue deur hulle te prys en aan te moedig in die dinge waarin hulle goed doen. Dit is vir kinders met ADHD maklik om in 'n bose kringloop van kritiek te verval wat hulle sleg laat voel oor hulself.
7. **Beloon.** Skep 'n beloningskema. Die kind verdien punte vir goeie gedrag, en 'n sekere aantal punte beteken hulle kry iets wat hulle wil hê.

TOESTANDE GEASSOSIEER MET ADHD

Daar is baie toestande wat gewoonlik saam met ADHD bestaan. Hierdie is egter toestande wat afsonderlik is van die ADHD en mag verskillende behandelingsbenaderings vereis.

1. Versteurende gedragoandoening

- opposisionele uitdagende sindroom (ODD)
- wangedrag

Hierdie toestande gaan met vyandige, negatiewe en doelbewus ongehoorsaame gedrag gepaard en mag selfs so ver strek soos steel, skoolversuim en vandalisme.

2. Angs en depressie

ADHD-kinders word dikwels deur lae selfagting gestrem en mag gevolglik van emosionele probleme las hê.

Kinders kan ook emosionele aandoenings hê wat ADHD mag naboots. 'n Kind met angsaandoening mag byvoorbeeld onoplettend, rusteloos en kiewelig voorkom.

3. Senuttrekkings

Dit mag in 'n vokale vorm voorkom (bv. 'n gesteun, keel skoonmaak, luidrugtige uitbarstings) of as bewegingstrekking (bv. 'n gewoonte van gesigtrekkings, gesnuif, ruk van die kop).

Wanneer senuttrekkings vir meer as ses maande teenwoordig is, mag die kind met Tourette se siekte gediagnoseer word.

4. Leergestremdhede

Dit mag in die vorm van visuele en ouditiewe persepsuele probleme of as vertraging in fyn bewegingsontwikkeling wees.



Vir meer inligting kontak:

Organisasie:

Aandaggebrek en Hiperaktiwiteit
Ondersteuningsgroep van SA


www.adhasa.co.za

Tel. 011 888 7655

ADHD Ondersteuningssentrum van SA

Tel. 012 802 1077

Hierdie artikel verskyn op <http://www.allexplore.com/id702.htm>



Wat van Volwasse ADHD?

Voel jy somtyds dat jy die onvermoë het om jou aandag te vestig en dan fokus te behou, of dat jy impulsief dinge doen of glad nie kan stilsit nie, of partymaal sommer alles in een ondervind?

Dan sukkel jy dalk met aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom (ADHD). Hierdie toestand is meer bekend by kinders, maar 30 tot 50% van kinders ontgroeï nooit die sindroom nie.

Die simptome word beheer deur verskillende dele van die prefrontale korteks, of die heel voorste deel van die brein. Dopamien en noradrenalin is die twee chemiese oordragstowwe in die brein wat funksies soos aandag, konsentrasie, oordeel, insig en ander uitvoerende breinfunksies beheer.

Van die algemeenste simptome by volwassenes is die onvermoë om sekere take te begin of om projekte te voltooi, impulsiewe besluitneming met betrekking tot verhoudings, loopbaan en geldbestuur. Hulle vind dit moeilik om prioriteite te stel en sinvolle besluite te neem.

Navorsing wys dat 4,4% van die bevolking aan hierdie versteuring ly en dat slegs 17% behandeling kry.

Die invloed van onbehandelde ADHD op mense se lewe is verreikend – dit kan 'n tornado in hulle persoonlike, sowel as professionele lewe veroorsaak. Só is die egskedingsyfer onder lyers byvoorbeeld hoër. Hulle word nie maklik bevorder nie, verloor soms hulle werk, en die administrasie van persoonlike en werksake is deurmekaar.

Van die lyers stel take tot op die laaste minuut uit wat veroorsaak dat hulle soms onsuksesvol in hul studies is en nooit tot hulle volle potensiaal presteer nie. Daar kan ook onstabieliteit van gemoed met byvoorbeeld woede-uitbarstings en iesegrimmigheid voorkom.

Die bestuur en behandeling van die toestand behels presiese diagnose, medikasie en kognitiewe- en gedragsterapie. Daar moet ook leefstylaanpassings wees in terme van struktuur en roetine (slaap, voeding en oefening). Ondersteuningsgroepe kan baie behulpsaam wees.

Medikasie behels 'n keuse tussen stimulerende-middels en nie-stimulant.

Tans is daar net een stimulant beskikbaar in Suid-Afrika, metielfenidaat. Dit is baie doeltreffend en beskikbaar in drie formuleringe: kortwerkend, medium- en langdurige vrystelling. Metielfenidaat verhoog die beskikbare dopamien en noradrenalin in die brein, wat dan lei tot 'n verhoogde oordrag daarvan.

Nie-stimulerende middels sluit in sekere antidepressante en atomoxefien. Hierdie middels verhoog die beskikbare dopamien en noradrenalin in die prefrontale korteks, en die effektiwiteit is oor die algemeen laer as die stimulerende.

Dit is belangrik om te onthou dat individue verskillend reageer en dat medikasie vir elke persoon aangepas moet word.

Ongelukkig erken die meeste mediese fondse nie hierdie toestand as chronies by volwassenes nie en word die medikasie meestal uit die akute voordeel betaal.

Aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom is ook 'n werklikheid by volwassenes. Moenie dat die draaikolk van jou gedagtes jou verhoed om jou volle potensiaal te bereik nie – daar is doeltreffende behandeling en hulp beskikbaar.

Klink enige van hierdie bekend?

- My aandag word vinnig afgetrek
- Ek vind dit moeilik om take te voltooi
- Ek sukkel om take te organiseer
- Ek vind dit moeilik om te luister
- Ek is altyd besig
- Ek kan nie maklik ontspan nie
- Ek is ongeduldig
- Ek tree dikwels impulsief op

Bel die SADAG-hulplyn by 0800 55 44 33 as jy vermoed dat jy volwasse aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom het.

Vir meer inligting besoek: www.sadag.org

Hierdie artikel verskyn op <http://www.intiem.co.za/gesondheid/gedagtes-draaikolk-vasgevang.html>

BASE CAMP

ADVENTURE GEAR

EST. 2007

LES JOU DORS NA AVONTUUR



OOBBLIKKE WAT JOU NA JOU ASEM LAAT SNAK

Ons is almal lief vir die buitlug, die gevoel van avontuur of net die rustigheid. Jy kan die prag en wonder van die buitelewe soveel meer geniet met die gehalte en bekostigbaarheid van die Basecamp reeks. Of jy 'n avontuurlustige persoon of 'n entoesiastiese kampeerder is, Basecamp sal jou help ontsnap.



prodist
demand · supply · trust

Beskikbaar by uitgesoekte handelaars landswyd

Besoek www.prodlist.co.za vir meer inligting

WENKE wat werk

Hoe raak ek van onaangename reuke ontslae?



Algemeen

- * Gooi bleikmiddel in bottels waarin reuke hardnekkig vasklou en laat staan vir ten minste 12 ure.
- * Indien rubberhandskoene sleg ruik, was die handskoene binne mooi, maak met 'n handdoek of papierhanddoek droog en gooi 'n bietjie poeier in die handskoen voordat jy dit aantrek.
- * Knoffelasem kan verwyder word deur vars mentblare, pietersielie of seldery te kou.

- * Meng 'n eetlepel versagmiddel met water in 'n spuitbottel en siedaar – 'n uitstekende lugverfrisser.
- * Om die reuk van mottegif uit 'n kas te verwyder kan watte met twee of drie druppels vanieljegeursel daarop in die kas geplaas word.
- * Om die uiereuk uit jou plastiekbakkies te kry, plaas die houër in die son vir 'n paar uur.
- * Om muwwerige reuke in laaie te verwyder, kan 'n suurlimoenskil in laaie geplaas word.
- * Om ruik uit katsand te kry, meng katsand met babapoeier of koeksoda.
- * Om slegte reuke uit jou skottelgoedwasser te verwyder, gooi vier eetlepels koeksoda onder die onderste rak en sit die wasser op die spoelsiklus.
- * Raak ontslae van sterk en onaangename kosreuke wat aan 'n kerfplank kleef deur dit met 'n halwe pomelo of suurlimoen te vryf en dan af te spoel.
- * Sprinkel sout en kaneel oor aanbrandsels op die stoof om die reuk te verwyder.
- * Strooi koeksoda in skoene wat sleg ruik en laat oornag staan.
- * Verwyder kosreuke in die huis deur een teelepel fyn kaneel of fyn naeltjies vir 15 minute in 250 ml water te kook.
- * Verwyder die visreuk van eetgerei deur dit in asyn- of suurlimoenwater af te spoel.
- * Vryf jou hande met droë mosterd om van uiereuk ontslae te raak



Om verstopte afvoerpype weer vry te laat vloei, gooi jy 'n kwart koppie koeksoda in die uitloop. Gooi 'n halwe koppie asyn agterna en plaas die prop terug. Wag 15 minute en gooi vier liter kookwater in. Hierdie metode kan ook gebruik word om verstopte pype skoon te maak.

Probeer skottelgoedwasmiddel en kookwater om 'n verstopte toilet oop te maak.

- * Toiletbakke kan silwerskoon gemaak word deur verslane Coke te gebruik. Laat dit vir 'n ruk staan en spoel.

Slegte asem

- * As jy soggens met een teelepel heuning en kaneel in warm water gorrel, bly jou asem deur die dag vars.
- * As jy knoffel geëet het, kou kardamomsaadjes in hulle omhulsels. Wanneer dit sag is, gooi die doppie weg en sluk die saadjes in. Dit verbloem die reuk.
- * Kou koffiepitte of pietersielle om jou asem vars te laat ruik, selfs al het jy knoffel geëet.
- * Nadat jy knoffel geëet het, drink 'n kwart glasie melk en 'n halwe teelepel vanieljegeursel. Verhit so effens in die mikrogolfoond voordat jy dit drink.
- * Trek pietersielle in kookwater en laat afkoel en gorrel dan hiermee.
- * Vir 'n vars asem, gorrel met lewensessens, of gorrel met pietersieliewater of kou rou pietersielle.
- * Vir slegte asem kan jy ook net kruienaetjies kou.

Mikrogolfoond

- * Meng drie dele water en een deel suurlemoensap of asyn in 'n koppie en kook op die lae verstelling om hardnekkige reuke te verwyder. Vee die mikrogolfoond daarna met 'n klam lap uit.

Riool & toilette

- * Gooi een koppie sout, een koppie koeksoda en een ketel kookwater in 'n riool wat met vet verstopt is. Die vetterigheid los dadelik op.
- * Gooi elke aand nadat die finale skottelgoed gewas is, 'n handvol sout in die afvoerpyp af. Die sout sal langamerhand in die pyp afbeweeg en dit vry van vettigheid hou.
- * Maak 'n pasta van boraks en suurlemoensap, spoel die toilet en smeer die pasta aan vlekke in die toilet. Laat dit vir twee ure so staan en skrop dan.
- * Maak altyd die toiletdeksel toe. 'n Toe deksel keer dat kieme versprei en maak 'n einde aan die man-vrou-bakleiery oor wie moet wat toemaak.

Sigaretreuke

- * 'n Paar bakkies vol asyn in die vertrek keer dat die rook intrek in meubels en verbloem ook die rookreuk.
- * Gooi sout of bakpoeier onderin asbakkies om stompie-brandvlekke te voorkom en reuke te verminder.
- * Steek 'n paar kerse aan in 'n vertrek waar baie gerook word.

Urienereuke van honde en katte



- * Meng 'n botteltjie vanieljegeursel met dieselfde hoeveelheid Dettol (slegs Dettol), op 750 ml water. Gooi in spuitkannetjie en spuit op aangetaste dele, vrylik op matte, banke, gordyne en selfs in die lug as lugverfrisser. Dit werk wonders en ruik heerlijk skoon en vars. En dit neutraliseer die reuk geheel en al.
- * Om reuke van kat- en hondepiepie uit jou matte te kry, kook 1 kg Surf, 750 ml spiritus, twee botteltjies bloekomolie & vyf liter water. Gebruik soos matsjampoe in jou matwasser en verdun voor gebruik.
- * Strooi koeksoda op die uriene. Los 'n rukkie en stofsuijg soos gewoonlik. Dit sal ook voorkom dat die dier weer daar urineer

WENKE wat werk

Verf

- * Ammoniak in water trek die verfreak uit 'n vertrek.
- * Gooi 'n botteltjie vanieljegeursel in 'n bakkie of in 'n piering en plaas in vertrek waar die verfreak is. Dit sal sommer gou die reuk verwyder.
- * Om die sterk verfreak uit 'n vertrek te verwyder, plaas 'n skottel met skoon water in die vertrek en die verfreak trek in die water in.

Vullisblik



- * Hou jou vullisblik higiënies deur kalk en amoniak op die bodem te gooi of spuit 'n mengsel van Jeyes Fluid en water op jou vullisdrom om te sorg dat diere dit uitlos.
- * 'n Paar motbolletjies onderin die vullisblik voordat jy die plastieksak daarin plaas, verwyder alle reuke.
- * Gooi 'n bietjie katsand onderin jou vullisblik as dit stink. Vervang die sand wanneer dit klam raak.

Yskasreuke

- * Neem 'n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met 'n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in 'n bakkie agterin die vrieshokkie/yskas.
- * Om reuke in yskas te verdryf, plaas 'n deurgesnyde pynappel daarin.
- * Plaas 'n ou speserybotteltjie (oop) gevul met vanieljegeursel in yskas.
- * Sit 'n stukkie steenkool of 'n paar houtskoolblokkies in die yskas, of twee snye swart geroosterde brood as jy nie steenkool het nie.
- * Was die yskas goed met 'n asyn-en-soutmengsel en plaas 'n paar swembad-chloor-balletjies in 'n oop houer in die yskas en maak die deur toe.





Die avonture van Soetlief die kat: Soetlief gaan stad toe!

deur Riconette Coetzer

Soetlief die kat strek haar lyfie lui-lui uit en gaan sit op die stoep se trappies.

"Ek hou niks van die plaaslewe nie," sê Soetlief vir Bruno die boerboel.

"Ag, jy is sommer vol kat-nukke. Ounooi en Oubaas sorg goed vir ons. Waar dink jy miskien sal jy sulke lekker kos en melkies kry as jy nie hier gebly het nie?" sê Bruno en smul aan sy been.

"Ek wil in die stad gaan bly. Het jy al daardie pragtige modes gesien as Ounooi saans televisie kyk?" vra Soetlief en staar droomverlore stad se kant toe.

"Daardie modes is vir mense, Soetlief. Toe ek laas gekyk het was jy 'n kat. Toe, gaan kyk in die spieël, dan sal jy sien," sug Bruno Boerboel.

Bessie die Frieskoei kom kou-kou verbygestap. "Môre, Bruno. Môre, Soetlief. Hoe gaan dit hier by die plaaswoning vandag?" vra Bessie.

"Soetlief dink sy is 'n mens en wil stad toe waar sy in die nuutste modes kan gaan pronk," lag Bruno.

"Ag, is nie!" sê Soetlief. "Ek weet ek is 'n kat, maar nie enige kat nie. En ook vir seker nie 'n plaaskat wat moet rondhardloop en muise vang nie. Ek hoort in die stad. By 'n nooi wat in klere paradeer en vir my bypassende strikke om my nek kan sit."

"Nou hoekom gaan jy nie stad toe nie, Soetlief?" vra Bessie.

"Ek wil graag gaan. Ek weet net nie hoe om daar te kom nie," sê Soetlief en sug.

"Haai, ek het 'n blink plan," sê Bessie en haar stert swaai heen en weer. "Hoekom spring jy nie op die melklorrie as die drywer, Ben, die melk by die melkery oplaai om in te neem stad toe nie?" sê Bessie in haar noppies dat sy so 'n plan kon uitdink.

"O, nee," skud Bruno sy kop. "Dis moeilikheid soek. Soetlief sal in die moeilikheid wees as Ben haar by die melk kry. Netnou dink Ounooi en Oubaas sy wil die melk gaps of iets en dan is daar groot marakkas!"

"Hoekom is jy altyd so 'n pretbederwer, Bruno? Kyk net hoe mooi kan ek myself klein maak en opkrul," sê Soetlief en krul haar wollerige lyfie in 'n bondeltjie. "Hulle sal my nooit uitvang nie! Hoe laat kom die melklorrie môreoggend, Bessie?" vra Soetlief opgewonde.

"Net ná Hennie Haan gekraai het. Maar jy moet versigtig wees. As Oubaas, Ben of een van die werkers jou in die lorrie vang, is dit verby met al daardie lekker melktert wat Ounooi jou Vrydagmiddae voer!" sê Bessie en loop weer kou-kou verder in die rigting van die hoenderhok.

Die volgende oggend net ná Hennie Haan sy eerste kraai gegee het, hoor Soetlief hoe Ben die melklorrie aanskakel. Hy trap die petrolpedaal en daar glip bolle en bolle swart wolke by die uitlaatpyp uit. Soetlief spring saggies op die kombuiskas en maak haar lyfie dun sodat sy deur die kombuisvenster na buite kan klim. Sy kyk een laaste keer om en spring dan met een sprong op die groen gras onder die kombuisvenster. Sy hardloop vinnig na die melkery en gaan kruip agter 'n hooibaal weg. Haar hartjie klop vinnig en sy kyk links en regs, heen en weer om seker te maak dat niemand haar sien nie.

Ben maak sy deur oop en gaan sluit die melklorrie se bak agter oop. Soetlief hardloop vinnig onder die lorie in en met een sprong spring sy onder die lorie se sitplek in. En sy wag en wag en wag tot sy later moeg raak. Soetlief kruip nog dieper onder die sitplek in en gaan lê op Ben se sagte trui. Sy maak haar ogies stadig toe en raak aan die slaap...

Tikke-takke-tikke-takke, tikke-takke-tikke-takke hoor Soetlief toe sy wakker skrik van die melklorrie se geraas. Die lorie begin stadig wegtrek. Ben skakel die radio saggies aan en Soetlief luister na Kurt Darren wat op die radio sing: "Kaptein, span die seile, Kaptein, sy is myne" en die drywer sing te lekker saam.

Soetlief waai haar sterfjie heen en weer. "Dis Ounooi se gunstelingliedjie," dink Soetlief en wonder of sy die regte ding doen om stad toe te gaan.

Die lorie kom tot stilstand. Ben klim uit en maak die bak agter oop. Soetlief loer versigtig by die deur uit en kyk of dit veilig is om uit te spring. Sy spring uit die lorie en hardloop vinnig onder 'n ander lorie in wat naby 'n gebou geparkeer is. Skielik skakel iemand die lorie waaronder sy skuil aan en sy bewe van skrik. Die enjin dreun verskriklik en maak haar arme klein katoortjies vreeslik seer. Sy hardloop vinnig tot binne-in die gebou. Die gebou is vol rakke met allerhande kase, melk, brood en vrugte.

Soetlief se magie grom van die honger. "Haai, wie se kat is daardie?" skree 'n man wat besig is om die yskas se glas skoon te poets. "Vang die kat!" skree die man weer en begin agter Soetlief aanhardloop.

Soetlief skrik haar boeglam en begin vinnig weghardloop. Sy hardloop onderdeur een van die rakke, spring bo-oor 'n groentemandjie en hardloop vas in die kassiere se been. Sy spring op, skud haar kop heen en weer en hardloop dan weer vinnig weg. Haar pootjies gly-gly oor die teëlvloer.

Soetlief se hartjie klop vinnig. Sy sien nie uitkomkans nie, maar skielik maak iemand die deur van die winkel oop en sy glip buitentoe. Sy hardloop bo-oor die straat. Die karre ry vinnig verby en een ry haar amper onderstebo. Toe sy oor die straat is, glip sy vinnig in 'n donker stegie in en gaan sit tussen die rommel en vullisdromme en bewe van ang.

Soetlief se magie grom-grom-grom en maak haar wakker uit haar diep slaap. Toe sy haar ogies oopmaak, kyk sy vas in die lelikste, vuilste gemmerkat wat sy nog in haar lewe gesien het.

"O maar jy is mooi," sê die gemmerkat en verkyk hom aan Soetlief se sagte, spierwit pelsie. "Wat is jou naam?" vra die gemmerkat.

"M-m-m-y-y-y n-n-naam is Soetlief," hakkell en stotter sy.

"Ek is Ginger," sê die gemmerkat en lek 'n leë sardienblikkie uit wat langs die

vullisdrom lê. "Hier, kry vir jou," sê Ginger. "Hier is nog baie leë blikkies wat hier ronlê. Die restaurant gooi kort-kort vullis uit."

"Nee dankie," sê Soetlief en trek haar neus vir die blikkies op.

"Jy sal doodgaan van die honger. Jy lyk juis vir my bietjie kragteloos. Jy moet eet," sê Ginger en druk weer sy neus tussen die rommelhopies in. "Waar kom jy vandaan?" vra Ginger nuuskierig.

"Van die plaas Mooifontein," sê Soetlief. "Dis nie ver se ry uit die stad nie."

"Nou wat maak jy hier?" vra Ginger.

"Ek is moeg vir die plaaslewe. Ek soek opwinding. 'n Nooi wat my kan opdollie met strikke en waar ek die heeldag na modes kan kyk, soos dié wat hulle wys op DStv se Fashion TV," vertel Soetlief.

"Jy is lekker laf!" lag Ginger. "Ek het nêr die plek vir jou. Net hier af in die straat is 'n materiaalwinkel en die dame wat daar is, maak deftige uitrustings vir die ryk en beroemde dames van die stad."

"Ag, vat my soontoe asseblief," smee Soetlief.

"Nou toe, kom gou," sê Ginger en beduie vir Soetlief om agter hom aan te loop.

Op pad na die materiaalwinkel loop hulle verby 'n speelgoedwinkel, 'n lekkergoedwinkel en klein supermark. "Hier is dit. Jou nuwe tuiste," sê Ginger en wys na die klein materiaalwinkel se venster.



In die winkelvenster staan winkelpoppe met pragtige materiaal om hulle gedrapeer.

"O maar dis mooi," sê Soetlief.

"Nou toe, as jy my nodig het, sal jy my weer in die stegie langs die restaurant kry," sê Ginger en hardloop vinnig terug in die rigting van die stegie.

Soetlief wag en wag en wag. En sy wag en wag en wag en skielik maak 'n jong meisie die materiaalwinkel se deur oop. Sy glij vinnig by die deur in, maar daar binne begin almal gil en skree. "Aaaaa, 'n rondloperkat!"

"Pasop, hier is 'n kat hier binne!"

"Wie se kat is dit?"

Die eenaar kom stadig nader gestap en probeer die kliënte kalmere.

"Aaatiesjoe!" nies die eenaar. "A...a...a...tiesjoe! Ek is allergies vir katte. Wie se kat is dié?" vra sy vir die werkers en kliënte.

"Sjoe, sjoe, uit met jou," sê die eenaar. Sy gryp 'n stuk karton en probeer vir Soetlief uitjaag.

Een van die werkers tel vir Soetlief op. "Dis 'n pragtige kat," sê sy sag. Sy stap na die deur toe, maak dit oop en sit vir Soetlief buitekant neer. Skielik begin dit saggies reën en kort voor lank is Soetlief se spierwit pelsie papsopnat. Sy loop stadig terug in die rigting van die stegie.

"Hulle wil my nie hê nie," huil Soetlief. "Hulle is allergies vir my. En ek is nat en ek is honger."

"Ek het jou gesê jy moet van my sardiens eet, maar jy het mos nie ore nie," sê Ginger.

Ginger trek 'n blikkie nader en gee dit vir Soetlief.

Soetlief stap stadig nader.

"O, wat het ek gedink? Wat het ek aangevang? Ek wens ek was op die plaas. Snoesig en warm in die plaaswoning waar ek 'n lekker bakkie kossies en melkies het om enige tyd aan te peusel..."

"Wel, dan moet jy teruggaan," sê Ginger.

"Maar hoe?" vra Soetlief bekommerd.

"Presies net soos jy hier gekom het," sê Ginger en gaan lê op 'n ou kartondoos in 'n hoekie.

"Aaaagggggggg," gaap Soetlief en krul langs Ginger op. Ondanks al die rumoer en geraas van die voertuie en mense raak Soetlief steeds uitgeput aan die slaap.

Die son se eerste oggendstrale val op Soetlief se wit pelsie en maak haar wakker.

"Die melklorrie!" skree Soetlief. "Hy sal seker enige oomblik weer melk kom aflewer."

Soetlief groet vir Ginger en hardloop vinnig oor die straat, wat gelukkig daardie tyd van 'n Saterdagoggend nie vreeslik besig is nie. Sy wag by die deli waar die man haar die vorige dag rondgejaag het totdat hulle die deur oopsluit. Sy glij vinnig by die voordeur van die winkel in en gaan lê onder 'n rak tot iemand aan die deur klop.

"Melkaflewing!" hoor sy 'n bekende stem roep.

"Dis Ben!" dink sy.

Toe die werker van die winkel die deur oopsluit, hardloop sy vinnig uit en spring met een sprong binne-in die lorrie en gaan kruip weer onder die sitplek weg. Dis nie lank nie of Ben is klaar met sy aflewerings en durf die pad terug na Soetlief se tuiste, die plaas Mooifontein, aan.


Op die plaas glij Soetlief weer vinnig uit die lorrie uit en hardloop so vinnig as sy kan terug plaaswoning toe. Bessie probeer nog om met Soetlief te praat, maar Soetlief se pootjies ken net een pad en dis die pad plaaswoning toe.

Op die stoepie sien Soetlief vir Ounooi. Sy sit met haar gesig in haar hande en die trane rol oor haar gesig.

Soetlief loop stadig met die trappies op. Sy begin prrrr-prrrr en skuur teen Ounooi se bene. "Soetlief!" skree Ounooi. "O, Soetlief. Jy weet nie hoe baie het ek jou gemis nie. Ek het die hele plaas vol na jou gesoek!" Ounooi is uit haar vel van blydschap om vir Soetlief te sien. "Jy is seker dood van die honger, Soetlief," sê Ounooi.

Soetlief miaau.

"Kom ons gaan in. Ek het gistermiddag melktert gebak en ek het jou stukkie vir jou gebêre," sê Ounooi en druk vir Soetlief styf teen haar bors vas.





Tel: 012 736 2121
www.iunlimited.co.za



PRETORIA (Head office)
Tel: 012 736 2121
012 736 2103
012 736 2526
Fax: 012 736 2525

CAPE TOWN (Branch)
Tel: 021 946 1194
021 946 4931
Fax: 021 946 1803



BUTTERFLY VALVE



GEARBOX



WAFER CHECK VALVE



NEW



www.iunlimited.co.za



BOP suksesvol

Ná 'n jaar van harde werk, laat nagte, groot opofferings en soms bloedsweet, het geselekteerde kandidate die BOP-program suksesvol voltooi. Hulle sertifikate is tydens 'n amptelike seremonie aan hulle oorhandig.

Jenny Kruger (produksiefinansiering) is as topstudent van die jaar aangewys gevolg deur Johan du Preez (Nuffield-silo) en Samuel Jacobs (Vaalwater). Baie geluk aan hulle maar ook aan elkeen wat geslaag het. BOP is 'n moeilike, veeleisende kursus en om dit agter jou naam te kan skryf, is beslis van groot waarde.

Nadat Francois Froneman die sertifikate oorhandig het, het hy almal geluk gewens en aangemoedig om die nuutverworwe kennis te gebruik en toe te pas. Hoewel dit vir die VKB-groep van waarde is om opgeleide personeel te hê, is dit vir elkeen persoonlike groei en ontwikkeling.



Die groep wat suksesvol was tydens BOP.

NMP candidates show off their knowledge

The New Management Program has come to a close. The final examination was done differently from other courses. To test their knowledge, the candidates gave individual presentations in front of an audience. There was a panel of adjudicators who asked questions and gave comments as each group finished with their presentation. It was fun and lively but also very stressful for the candidates.

The panel consisted of four people. From VKB it was Swanton Scholtz, Fanie Lombaard from NTK and two individuals from the University of the Free State. They were impressed with the quality and knowledge of the candidates. Well done!



Daniel, Jessica and Janet.

Mahwelereng: for the people

The new depot in Mahwelereng recently opened its doors to the people of this community. Closely situated to Mokopane, it will be managed by Themba Madlala under supervision of Manie Wessels of the Mokopane Branch. The opening coincided with month-end. People waited patiently for David Kekana, who acted as master of ceremonies, to introduce Francois Froneman who addressed the crowd. He assured the potential customers of NTK's commitment to serve the people of Limpopo. He invited everyone to communicate with the depot manager to fulfill in all the needs of the people of Mahwelereng. After the ceremonial cutting of the ribbon by Themba, Francois and Wynand Benadie customers were invited to do business with NTK.

Themba Madlala said he is overwhelmed but very excited about managing the depot. He has a good team to support him and together they want to serve all the people of the community.

After a busy first few days, things slowed down for a while but is picking up nicely. They are still feeling the market but the people of this area are already pleased that they can find all they need right on their doorstep.

Mahwelereng is the depot for the people.



Employees of Mahwelereng: Back row: Frans Sefara, Clarence Kolotse and Ronnie Molepo. Front row: Vasti Ungerer, Amanda Mautjane, Themba Madlala (manager), Shirley Thubakgale and Nancy Marakalala.

NTK now also in Steilloop

Steilloop is a fast growing community with many farmers in this part of the country. The drought is clearly visible in Steilloop and farmers were desperate to have an agricultural outlet in their area. NTK heard this plea and recently opened a depot in Steilloop. The opening was a joyous occasion.

Managing the branch is Hendrik Mohlala. After David Kekana welcomed everyone present, Hendrik gave an excellent speech, inviting everyone to come and do business with NTK Steilloop. He gave the assurance that the staff of Steilloop is there to be of service to the people. People came streaming into the shop after the ribbon was cut by Hendrik and Wynand Benadie. Business looks promising at Steilloop. The depot will be closely monitored by Annelize Jonker, manager of NTK Baltimore. Steilloop depot is situated in the center of the community and has opened its door to serve the people of the land, for the love of the land.



Steilooop employees: Back row: Jack Malahlela, Tom Morudu and Piet Ngoepe. Middle row: Frans Thulare, Mariska Mc Seveney, Enipha Ngwepe, Annah Mashamaite, Victoria Nkawane and Hendrik Mohlala (manager). Front: Ditsela Excellent.

in die proses gespeel het. Hy het ook Jan en Joel bedank vir uitstekende werk gedoen.

Francois het VKB (NTK) geprys omdat die organisasie in die platteland en sy mense belê. Francois het ook sy waardering teenoor verskaffers uitgespreek wat NTK ondersteun. Laaste, maar beslis nie die minste nie, het hy lede en klante bedank vir begrip tydens die proses en die vertroue uitgespreek dat hulle die nuwe Nylstroom-tak sal ondersteun en die inkoop-ervaring sal geniet.



Messina-gholfdag tref die kol



Op die kalender van elke gholfspeler in die Messina-omgewing, is die NTK-gholfdag voorwaar 'n hoogtepunt. Vanjaar was dit weereens die geval. Kobus en Annemarie, die personeel van die tak, vriende en familie en natuurlik

gewaardeerde verskaffers het kragte saamgespan om 'n uitstekende dag aan te bied.

Die gholfbaan van Messina is beslis baie spesiaal met reuse-kremetartbome wat vir 'n unieke gevoel sorg. Personeel van hoofkantoor geniet elke jaar om saam met die plaaslike spelers te speel en vanjaar was Francois Froneman vir die eerste keer 'n deelnemer aan die NTK Messina-gholfdag. Na afloop van die dag se spel, was dit tyd vir die prysuitdeling. Francois het 'n kort toespraak gehou waarin hy almal bedank het vir hul betrokkenheid en ondersteuning aan NTK.

Die boere en gholfklub het ook 'n spreekbeurt gekry en vir Cobus, Annemarie en NTK bedank vir hulle diens aan die gemeenskap. Hulle het die tak geloof vir die prestasies wat hulle bereik en vir die feit dat hulle so goed na die behoeftes van die boere omsien. Dit was vir Cobus en Annemarie 'n riem onder die hart om hierdie woorde aan te hoor.



Nuwe Nylstroom-tak nou amptelik oop

Hoewel die winkel van Nylstroom-handelstak reeds 'n paar maande gelede voltooi is, is daar net gewag vir die skuif van die rybaan voor die amptelike opening van die tak. Die eerste tenk brandstof was skaars ingegooi, toe word 'n amptelike opening met vele spesiale aanbiedinge vir die publiek gehou. Dit was 'n heerlike naweek vir personeel en die publiek. Martiens Joubert van die Juba-broers het as seremoniemeester opgetree om nog meer luister aan die verrigtinge te verleen.

Kort voor die knip van die seremoniële lint, het Francois Froneman vir Michael van der Merwe en die personeel van die tak geloof wat perspektief behou het terwyl dinge maar redelik deurmekaar was tydens die verbouings. Hy het Buks en Wynand uitgesonder vir die groot rol wat hulle



Skaalbraaie om dankie te sê

Die Graan-afdeling het onlangs by al NTK se silo's skaalbraaie gehou om produsente te bedank vir hul ondersteuning deur die jaar. Dit was 'n geleentheid om terug te kyk op die afgelope jaar maar ook om die seisoen waarin boere tans is, te bespreek. Natuurlik wil NTK Graan graag lewerings aan silo's verhoog en is die geleentheid ook gebruik as bemarkingsaksie.

Maar die belangrikste doel van die geleentheid was om produsente te verseker van NTK se verbintenis tot ons produsente – die hartklop van ons besigheid. Vir die liefde van die land.



Kobus Oosthuizen, Jannie Heyns, William Briel en George Solomon

Vaalwater hou bemarkingsdag

Soms kom besigheid by die deur ingestap. Soms moet jy dit op die plaas of gemeenskap gaan haal. En soms moet jy iets by die tak doen om die mense te trek. Al drie gebeur by Vaalwater-handelstak en onlangs het hulle 'n bemarkingsdag by die winkel aangebied om syfers op te stoot.

Die personeel van Vaalwater is uitstekend met uitstallings bou en met soveel spasie tot hul beskikking, trek hul treffende uitstalling baie aandag en stimuleer beslis verkope. Verskeie verskaffers het deelgeneem om hierdie bemarkingsdag suksesvol te maak.



Paul maak tyd vir 'n grappie.



Vir 'n goeie doel op Dendron

Die mense van Dendron het nog altyd omgee vir hul medemens. Toe daar 'n liefdadigheidsbraai vir die kinderkhuis gehou word, was Dendron eerste daar om deel te neem. Die braai is by die tak gedoen en die wins is geskenk aan die kinderkhuis. Want hierdie mense gee om.

Tzaneen borg plaaslike tuinbouklub

Frikkie van Vuuren en sy span is altyd betrokke in die gemeenskap. Daar gaan nie 'n geleentheid verby wat hulle nie aangryp om NTK op die 'map' te plaas nie. Hierdie maand het hulle die tuinbouklub geborg in samewerking met Profek. Fanie van Profek was daar en het ook sy bestuurder saamgebring om die mense te ontmoet. Dit was 'n suksesvolle dag en goeie bemarking is gedoen. By NTK Tzaneen gebeur die dingel!

vir die
LIEFDE
van die
LAND

www.ntk.co.za

ntk



LAAI NOU DIE GRATIS

Efekto Green Fingers app af

Die mees volledige tuingids in die palm van jou hand

STUUR 'N FOTO,
IDENTIFISEER
'N TUINPES



DESKUNDIGE
TUINADVIES
EN WENKE



VOLLEDIGE
PRODUK-KATALOGUS



Beskikbaar op:



Kliëntediens: Tel 086 133 3586
info@efekto.co.za
www.efekto.co.za





Spog met FSSC 22000- en ISO 22000-sertifikate

Grain Field Chickens (GFC) het pas sy FSSC 22000- en ook sy ISO 22000-sertifikaat ontvang.

Die FSSC 22000-sertifikaat word uitgereik aan maatskappye wat voldoen aan die Food Safety System Certification se raamwerk vir die doeltreffende bestuur van 'n organisasie se verantwoordelikheid om veilige voedsel te produseer. Hierdie sertifikaat word deur die internasionale Global Food Safety Initiative (GFSI) erken en word gebaseer op bestaande ISO-standaarde.

Die sertifikaat gee basies aan verbruikers die versekering dat die produkte wat deur die spesifieke produsent verskaf word, onderwerp word aan 'n bestuurstelsel wat aan verbruikers veilige voedsel sal verskaf.

Dit maak Grain Field Chickens een van die meer as 13 000 organisasies in 140 lande wat so 'n sertifikaat ontvang het.

Die ISO 22000-sertifikaat word ook toegeken aan produsente wat op voedselveiligheid fokus. Omdat so baie voedselsoorte vandag oor internasionale grense in- en uitgevoer word, is dit uiters noodsaaklik dat daar 'n liggaam is wat verseker dat verbruikers veilige voedsel op hul tafel sit. Met die ISO-sertifisering word verbruikers onder andere verseker dat die regte riglyne ten opsigte van voedselveiligheid gevolg word, dat die oorsprong van die bestanddele in die produk nagespoor kan word, en dat die nodige riglyne ten opsigte van die produksie (boerdery), die verwerking, die verpakking en die audit en sertifisering van die produk noukeurig gevolg is en nagekom word.

GFC is in 2010 as 'n filiaal van VKB Landbou gestig. Binne twee jaar is 'n moderne, tegnologies gevorderde abattoir in Reitz gebou en het die produksieproses begin. Vandag word sowat 780 000 hoenders per week daar geslag.

Vir GFC bly die kernwaardes eerlikheid, kommunikasie en respek steeds die hoekstene van die besigheid.

"Ons glo alles in die sakelewe is onderhandelbaar, behalwe gehalte," sê Sas Kasselmann, GFC se besturende direkteur.

"GFC wil deur by die basiese besigheidsbeginsels te hou, deur sy gehalte en voedselveiligheidstelsels nog verder te verbeter, 'n produsent van voorkeur vir die Suid-Afrikaanse mark en ook wêreldklas word," sê Kasselmann.

Die GFC Abattoir se pad tot by die sertifisering het begin met die hulp en insette van 'n konsultant, VPH Official. Met die eerste gesondheid-en-veiligheid-oudit van die maatskappy vroeg in 2013 deur die Departement van Landbou was daar vyf bladsye met punte waar GFC nie voldoen het aan die standaard nie, wat 'n telling van skaars 70% gegee het.

Met die eerste Intertek FSA-oudit in die middel van 2013, het GFC 'n telling van 80,8% gekry met 54 klein en nege groot bevindings. Sedertdien word die telling jaarliks hoër en die probleme elke jaar al minder met hierdie oudit.

Vroeg in 2016 het Intertek 'n FSSC 22000 Fase 1-oudit gedoen. In die middel van die jaar is 'n Fase 2-oudit uitgevoer waarna Intertek die abattoir aanbeveel het vir die FSSC 22000-sertifisering.

Saam met die Wareham-groep het GFC in Januarie verlede jaar 'n braaikuiken implementeringsprojek ontwikkel wat die volgende aspekte dek:

- Standaardisering op alle braaikuikenprodusente
- Dokumentering en vloei van rekords
- Deurlopende verbeteringshulpmiddele
- Oorsig van bestuur aspekte
- Sertifiseringsoudit deur Aspirata in Oktober 2016.

Tydens die sertifikaat-seremonie is dank uitgespreek teenoor al die rolspelers wat meegewerk het om hierdie prestasie te behaal. Die volgende persone is uitgesonder hoewel elkeen van die personeellede 'n waardevolle bydrae gelewer het om die sertifisering te bereik: Sas Kasselmann, (besturende direkteur van VKB Bedrywe), Theo van Strijp (hoofbedryfsbeampte), André Botha (bedryfsbestuurder van die abattoir) en Ben Grobler (bedryfsbestuurder: Afri Farms). Dank is ook uitgespreek teenoor Ecowize FSMS Consultation (Lerina Basson), Wareham Group (Mike Campbell, Morgan Govender en Marga Wessels), Intertek & Aspirata Ouditeure (Nellie Prinsloo, Rika Kemp, Wilna Burger en Hantie Pienaar). Die volgende mense is ook eervol vermeld: Adolphina Mojatau, Ouma Moloi, Nelisewe Mvelase en Marilize



Al die Grain Field Chickens-plase is onlangs ISO 22000 geakkrediteer en die abattoir het die FSSC 22000-akkreditasie ontvang. Die sertifikaatorhandiging het op 24 Januarie by die VKB-hoofkantoor in Reitz plaasgevind.

From the farms of the Free State
Need we say more?



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za

Snappy Chef[®]

Leiers in Induksietoestelle

Bespaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger




**KOOP
NOU**



www.snappychef.co.za

**vkb
& ntk**

**BESKIKBAAR BY
UITGESOEKTE TAKKE**




WEN

met *Die Pad Saam*

Wees een van die gelukkige lesers wat elk 'n geskenk kan wen deur net die onderstaande vraelys in te vul en te faks na 086 674 6817 of te e-pos na hanneliec@vkb.co.za.

Help die kok om by sy Snappy Chef pot uit te kom.



Watter taal verkies jy?

- Afrikaans Engels Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan *Die Pad Saam*

Inhoud Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....
.....

Kontakbesonderhede

Naam & van:
Kontaknr.: Ouderdom
E-pos:

Sluitingsdatum: 10 Maart 2017

Snappy Chef
Leiers in Induksie Toestelle

GELUK aan die Desember | Januarie-uitgawe se

WENNER

van 'n Snappy-geskenkpak ter waarde van **R3 000**



Kelly Geldenhuys



SUB-SAHARAN AFRICA IS LAGGING BEHIND ITS COMPETITORS IN TERMS OF PRODUCTIVITY

Sub-Saharan Africa is the only region in the world where there is still enough land for large-scale crop production, but it is struggling to benefit from this production potential and attract investors. African governments need to address the social, political and economic instabilities in their countries.

This was according to a report on the opportunities for agricultural expansion in sub-Saharan Africa compiled by Agribiz agricultural economists, Tinashe Kaitumba and others.

“You have a perspective of how Sub-Saharan Africa is lagging in productivity,” he said. “Access to improved fertilisers, which average malnutrition could help more on.”

“On the other hand, you have a perspective of how Sub-Saharan Africa is lagging in productivity,” he said. “Access to improved fertilisers, which average malnutrition could help more on.”



More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.



laat dit glad loop

RADAR/04/1/E